

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-06-18

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 239

(Bladsye 12 683 - 12 741)

HOF HERVAT OP 18 JUNIE 1987.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MR BIZOS : My Lord, all the accused are before Your Lordship this morning. Your Lordship's leave is being sought at the request of the head of the prison hospital for accused no. 19, Mr Molefe, to absent himself tomorrow to see a specialist at 07h30 in the morning. He is likely to be back during the course of the day.

COURT : It is granted.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, (10) op die vergadering van 19 Augustus 1984, ons handel nog steeds met hom, op die vergadering het beskuldigdes nrs. 1 en 2 gepraat van die vloer af toe die vergadering oopgestel was vir bespreking? -- Ja.

Was daar ook ander sprekers nadat die vergadering oopgestel is wat van die vloer af gepraat het? -- Ja.

Is daar enige rede hoekom beskuldigdes nrs. 1 en 2 anders behandel was as die ander sprekers van die vloer af dat hulle spesiaal voorgestel moes word aan die gehoor? -- Nee, dit is nie 'n spesiale behandeling van die twee nie. Wat gebeur (20) het is, die twee persone het die voorsitter genader as gevolg waarvan daar toe voorstellings gemaak is. Andersins het die ander mense sommer net daar van die gehoor gepraat.

Was die metode nie dat die ander mense ook hulle hande opgesteek het en gevra het vir 'n beurt om te praat nie? -- Ja, dit is so.

As jy sê hulle het die voorsitter genader, wat bedoel jy daarmee? Het hulle altwee na die voorsitter toe gegaan vanuit die gehoor uit? -- Ja, dit is na hom toe.

Op die vergadering van die 19de, het die ou dame op (30) daardie/...

daardie vergadering gepraat omtrent die voorval waar busse gebrand was of aangeval was daar in Sharpeville deur kinders?

-- Nee.

Sy was nie op hierdie vergadering gewees nie, nê? -- Sy was op die vergadering.

Maar sy het niks gepraat daarvan nie? -- Nee, sy het nie gepraat nie.

Net om sekerheid te kry, het sy op die vergadering van die 12de miskien gepraat? -- Nee.

HOF : Was sy op daardie vergadering? -- Ja. (10)

MNR. JACOBS : En die eerste keer toe sy gemeld het omtrent die voorval waar kinders busse sou aangeval het, was op die vergadering van die 26ste dan? -- Ja.

Die persoon bekend as Botha, het hy op die vergadering van die 19de gepraat? -- Ja.

Was hy aan die gehoor voorgestel? -- Nee.

Was sy toestand dieselfde soos wat ons hom gesien het op die vertonig hier in die hof gehou van die vergadering van die 26ste?

HOF : BEWYSSTUK 40? (20)

MNR. JACOBS : Ja, BEWYSSTUK 40. -- Die toestand in watter opsig?

Soos hy daar voorgekom het op video 40? -- Ja.

Het hy sy hand opgesteek en toestemming gevra om te praat op hierdie vergadering van 19 Augustus? -- Ja.

En was toestemming aan hom verleen? -- Ja.

Kan jy vir ons sê presies wat het hy op daardie vergadering gesê van 19 Augustus? -- Ja.

Vertel vir ons? -- Hy het gesê wat moet gedoen word met die persoon wat die verhoogde huur betaal. (30)

En/...

En wat nog? -- Dit is hoe ek onthou.

As jy sê wat gedoen moet word, het hy gesê wat gedoen moet word met daardie persone? -- Nee, hy het nie 'n voorstel gemaak wat gedoen moet word nie. Hy het gepraat net soos ek nou vir die Hof gesê het.

Het sy hele toespraak daaruit bestaan dat hy net een vraag gevra het? -- Dit is die vraag wat hy gevra het.

Wie het hom geantwoord? -- Beskuldigde nr. 2 en myself het hom geantwoord.

Wat het beskuldigde nr. 2 gesê wat moet gedoen word (10) met die mense wat die verhoogde huur betaal? -- Hy het nie gesê wat gedoen moet word met so 'n persoon nie, maar wat hy wel gesê het in antwoord was dat daar moet gepraat word met die mense oor die resolusies van die vergadering daar, want van die mense is nie by hierdie vergadering teenwoordig nie. Dit wil sê dat hulle ingelig moet word.

Maar wat het hy gesê, al is hulle dan nou ook al ingelig, wat dan van hierdie mense wat die huur gaan betaal? -- Hy het gesê daar moet met hierdie persone gepraat word.

Is dit al wat beskuldigde nr. 2 gesê het, daar moet (20) met die mense gepraat word? -- Ja.

Wat het jy gesê wat moet gebeur met die mense wat weet dat daar is so 'n besluit geneem en hulle nogtans voortgaan en die huur betaal? -- Ek het nie spesifiek gesê wat gedoen moet word aan die mense nie, behalwe dat ek gesê het ter stawing van wat beskuldigde nr. 2 alreeds gesê het dat daar gepraat moet word met die mense oor die besluite wat geneem is.

Wie moes met die mense gaan praat oor die besluite wat geneem is? -- Ons almal by die vergadering was veronderstel (30)

gewees/...

gewees om met die mense te gaan praat.

Was dit so aan die mense gesê of was dit net veronderstel?
-- Dit was gesê word dat dit so gedoen moet word.

Die dag toe julle by die kerk opgedaag het en oopgesluit het, was jou metgeselle wat saam met jou geloop het direk by jou by die deur toe jy oopgesluit het of het hulle n entjie van die deur af vir jou gewag? -- Ons het by die deur gestaan.

Almal van julle? Bymekaar? -- Ja. Hulle was mos in my geselskap gewees.

Wie is toe eerste by die kerk in toe julle oopgesluit(10) het? -- Ek was heel voor.

So, jy is heel eerste in en toe? -- Ja.

En jou metgeselle saam met jou? -- Hulle het my gevolg.

Voordat die ander mense wat buitekant gewag het ingegaan het? -- Nee.

Wat dan nou? -- Ek het die kerkdeur oopgemaak. Die mense in die onmiddellike nabyheid van die deur is toe binne-in die kerk in.

Is die mense in die onmiddellike nabyheid van die deur eerste in? -- Die klomp mense in die nabyheid van die ingang(20) en aan die kante daar in die onmiddellike omgewing van die kerkgebou is toe in die kerk in.

Eerste in? -- Hulle is die eerste in.

En daarna is jy en jou maats in, jou metgeselle? -- Ja, ons is toe ook in.

Is jy seker dit het so gebeur? -- Ja.

As iemand anders nou sou beweer het in hierdie hof dat jy en jou maats, jou metgeselle is eerste die kerk in en dat die ander mense wat daar rondgestaan het en gewag het vir die vergadering, daarna stadig daar ingeloopt het, wat sal jy sê,(30)

is/...

is dit nie die waarheid nie? -- Ja, dan praat daardie persoon nie die waarheid nie.

Ek wil jou verwys na wat gestel was aan die getuie, dit is in Volume ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Aan watter getuie?

MNR. JACOBS : Koaho, Volume 25 bladsy 1 176. Dit begin heel bo. Ek sal van bo af vir jou voorlees. "Would you be able to admit or deny that Mr Hlubi and Mr Manthata , accused no. 16, in fact came into the church together with Father Moselane, accused no. 3? But you are not in a position to(10) deny it?" dan antwoord die getuie. Dan van die volgende af "Would you agree that by the time Father Moselane arrived to open the church, a couple of hundred of people were in small groups outside the church." Dan slaan ek een lyntjie oop en dan is die volgende belangrik "And after Father Moselane and such persons who were with him had entered the church they slowly followed into the church." Stem jy saam dat dit is nie 'n korrekte weergawe volgens jou getuienis nie wat aan hierdie getuie gestel is? -- Dit is 'n korrekte verhaal, presies soos ek hier vir die Hof gesê het. (20)

HOF : Wat is korrek? -- Dat van die mense binne-in die kerk gegaan het. Hulle was deur ons gevolg en nadat ons ook binne-in die kerk was, was daar nog van die mense wat agter gevolg het.

MNR. JACOBS : Maar die stelling hier is dat jy het oopgesluit, jy en jou mense het ingegaan en toe het die mense wat buite-kant staan agter julle ingegaan? -- Nee, u sal dit so moet verstaan. Wat daar gesê word is dat daar is mense wat toegang gekry het voor ons. Ons het toe gevolg en na ons binne-in gegaan het, het mense wat nie in die onmiddellike(30) omgewing/...

omgewing van die ingang was nie, toe gevolg. Wat verder gebeur het is dat mense het nog daar opgedaag in die kerksaal waar die vergadering aan die gang was.

As iemand in hierdie hof sou beweer het dat jy en - dat dit die verdediging se saak is dat jy en Hlubi by die kerk opgedaag het, dat jy die deur oopgesluit het en die suggestie dan verder is dat jy as priester toe in die kerk gebly het en die mense ontvang het as priester, sal dit korrek wees? -- Ek is nie saam met u nie. Wat bedoel u daarmee?

Ek sal dit weer herhaal. As iemand in hierdie hof sou(10) beweer het dat die verdediging is dat jy Hlubi het saam by die kerk opgedaag en die suggestie dan verder is dat julle in is, julle twee en dat jy toe daar gestaan het en die mense ontvang het soos h priester gewoonlik mense ontvang wat na sy kerk toe kom, sou dit nie heeltemal korrek wees nie? -- Ek weet nie of u my verstaan het nie. Ek het nie bedoel dat u die stelling moet herhaal nie. Wat ek bedoel het is dat u aan my moet verduidelik wat u daarby bedoel met ontvangs van persone as h priester. Wat behels dit volgens u?

Miskien kan jy vir my sê. Ontvang h priester mense (20) daar by sy kerk as hulle inkom by sy kerk, by jou kerk? -- Bedoel u nou as daar h kerkdienis gehou is?

Wanneer daar h diens of h semi-dienis by h kerk gehou word? h Vergadering gehou word? -- Daar is geen manier van ontvangs wat plaasvind nie.

En dat dit by hierdie vergadering ook gebeur het dat jy die mense ontvang het wat daar die vergadering bygewoon het? -- Ek weet nie, ek volg nie, ek is nie saam met u nie. Ek dra wel kennis van mense wat as lede ontvang word gedurende die kerkdienis wat gehou is as h gedeelte van die prosedure(30)

wat/...

wat gevolg moet word by hierdie spesifieke diens, maar ten opsigte van die vergadering soos deur u aangehaal word, dra ek geen kennis daarvan wat dit alles behels nie.

As dit aan die getuie IC.9 gesuggereer was dat dit is wat gebeur het daardie dag, dan is dit heeltemal verkeerd? -- Ek verstaan nie hierdie ontvangs nie. Soos ek sê, ek dra wel kennis van ontvangs van lede in die prosedure van die kerkdienst, maar in hierdie opsig verstaan ek nie wat hier bedoel word nie.

As dit so gestel is, is dit verkeerd? -- Ek weet mos(10) nie waarvan praat u nie? Ek weet regtig nie wat dit alles beteken nie.

HOF : Hoe ontvang 'n mens lede in 'n kerk? -- Daar is 'n spesiale diens wat gehou word na die verkiesing van lede van 'n kerkraad. Dit wil sê die persone word ontvang in die sin dat hulle 'n toekenning gegee word van 'n spesifieke gedrag en daar word ontvangs gedoen met die Mothers Union se nuwe lede wat ontvang is wat aangesluit het by die Mothers Union en dit is die ontvangs wat ek van praat.

Bedoel u 'n soort van verwelkoming? -- Verwelkoming (20) van persone as lede van hierdie twee soos deur my genoem as voorbeelde.

MNR. JACOBS : Het u hierdie vergadering van die 19de as 'n semi-religieuse ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan u net vir my eers die bewysplek gee. Ek sit nou heeltemal in die lug en tas.

MNR. JACOBS : Ek het vyf plekke. Op bladsy - dit is Volume 28, die eerste plek is bladsy 1 329, die tweede een is net daar onder die paragraaf ook op bladsy 1 329, dan die derde is bladsy 1 330, bladsy 1 333 en bladsy 1 334. (30)

MR BIZOS/...

MR BIZOS : I am sorry to interrupt, but for the sake of completeness would Your Lordship also make a note of what is said at the bottom of page 1 178 Volume 25 - 11 78 to 1 179 in relation to what was put as to how they went into the church. Perhaps I should read it "Because there was, I have already put to you there was no need for any preparation, that people entered in simultaneously. That is predominantly elderly people entered in simultaneously with accused no. 1." Which perhaps has to be read with the previous passage which was given to Your Lordship. (10)

MNR. JACOBS : Ek sal vir jou lees die verweer wat gestel was en wat gestel was aan getuie IC.9 in hierdie hof. Op bladsy 1 329, die eerste deel wat ek dan as punt 1 noem "Right. Now, do you recall that when you got there that the church was locked and Father Moselane, accused no. 3, came to open it?" Dan die volgende "Now, was he accompanied by the person that you described as the chairman or one of the chairmen yesterday? The two of them?" Dan gaan daar ander aspekte aan en dan gaan dit weer aan op bladsy 1 330 "Mr Bizos: Right. So, do you recall that accused no. 3 (20) and Mr Hlubi came together and opened up the church?" Dan is daar weer ander dinge en dan gaan dit oor na bladsy 1 333 dan word die volgende gesê "Mr Bizos: Yes. Would you say that his was a straightforward political meeting? Would you say that because where it was held and because what accused no. 3 did and said and possibly because of the manner that it ended there, were religious ceremonial aspects to it. Yes, we agree with that. Were there elements of a religious and quasi religious gathering to it at the beginning?" Dan op bladsy 1 334 "Where does a priest receive members of the (30) public/...

public? Does he make a triumphant entry after the congregation that has come in or is he in the church and expect people to come in? Does he not take his position in church in anticipation of the congregation coming?" Dan word daar 'n aanmerking gemaak "Well, obviously our experiences are different."

HOF : Is dit nou waarop u die stelling baseer dat hy die mense verwelkom het in die kerk?

MNR. JACOBS : Dit is gesuggereer aan die getuie dat dit was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek lees dit nie hier in nie. Al wat daar gestel is, (10) is hy wag in die kerk en dan kom die mense in. U kan niks meer daarin lees nie. Die indruk wat u geskep het met u vrae is, hy staan by die deur en hy groet hulle almal met die hand soos hulle inkom.

MNR. JACOBS : Ek het gesê hy ontvang sy mense.

HOF : Wel, so ontvang jy mense. Dit is nie wat hier gesê is nie.

MNR. JACOBS : Kan ek net een vraag op hierdie stelling vra?

HOF : Wel, u kan nie daardie stelling herhaal nie, want dit is nie gedek deur die getuienis nie. (20)

MNR. JACOBS : Mag ek dan vra of dit korrek is dat net hy en Hlubi gekom het na die vergadering toe om oop te sluit?

HOF : Dit is ook nie heeltemal so duidelik uit die ding nie.

MNR. JACOBS : Kan jy vir die Hof vertel presies hoe dit gebeur het dat beskuldigde nr. 2 'n toespraak gemaak het by hierdie of gepraat het by hierdie vergadering? -- Ek sê dan dat hy die voorsitter genader het van wie hy gevra het om 'n geleentheid gebied te word om iets te sê. Dus op daardie manier het hy toe iets te sê gehad by hierdie vergadering.

Jy is baie seker nou hy het opgestaan en na vorentoe (30)

gekom/...

gekom? -- Ja.

Jy sien, in jou getuienis-in-hoof het jy vir die Hof vertel dat beskuldigde nr.2 het op sy plek gesit in die gehoor, sy hand opgesteek en dat mnr. Hlubi toe gereageer het en vir hom gevra het.

HOF : En toe?

MNR. JACOBS : Hy sê nooit dat beskuldigde nr. 2 daar opgestaan het en na die gehoor toe gekom het nie?

HOF : Na vorentoe gekom het?

MNR. JACOBS : Na vorentoe gekom het nie? -- (10)

HOF : Voordat die getuie die vraag beantwoord, is dit die Staatsaak dat beskuldigde nr.2 van voor af gepraat het of is dit die Staatsaak dat beskuldigde nr. 2 uit die gehoor uit gepraat het?

MNR. JACOBS : Hy was al die tyd voor gewees. My submitisie is dat die bewering word gemaak hierso, die Staatsgetuies sê hy was op die verhoog gewees.

HOF : Van die begin af?

MNR. JACOBS : Van die begin af. Die punte wat ek hier probeer uitbring is dat verskillende weergawes word hier (20) gegee aan die kant van die verdediging oor hierdie aspek.

HOF : Maar het die getuie gesê hy het uit die gehoor uit gepraat en nie van voor af nie?

MNR. JACOBS : Toe hy die toespraak gemaak het, het hy gesê die persoon het na vorentoe geloop en daar by die tafel gaan vra verlof om te praat. Hier in sy hoofgetuienis wat hy gegee het het hy gesê hy het op sy plek bly sit, sy hand opgesteek en toe het mnr. Hlubi gereageer.

HOF : Ja, goed. -- Beide dit wat aan my gestel word is dieselfde. (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Het hy nou daar opgestaan, na Hlubi toe geloop en toestemming gevra om te praat of het hy in die gehoor bly sit en sy hand opgesteek en toestemming gevra? -- Ek sê daar is nie 'n verskil nie, in die sin dat hy 'n hand opgelig het terwyl hy daar gesit het. Hlubi, die voorsitter, het as gevolg daarvan gereageer deur 'n aanduiding aan hom te gee dat hy, wat beskuldigde nr. 2 is, na hom toe moet kom, dit wil sê na Hlubi toe, die voorsitter, waar hy dan met Hlubi gepraat het. Eers na die gepraatery tussen die twee, het hy (beskuldigde nr. 2) iets te sê gehad aan die vergadering. (10)

Beskuldigde nr. 1, toe hy verlot gevra het om te praat op hierdie vergadering, wanneer was dit gewees? Op watter stadium? -- Dit is terwyl Tom Manthata, beskuldigde nr. 16 besig was om te praat.

So, dit is dan nie soos jy netnou gesê het beide van hulle het toestemming gevra toe die vergadering oopgestel was vir bespreking nie? -- Wat ek sê daarby, ek hou vol dat hulle altwee met Hlubi eers gepraat het alvorens hulle enigiets te sê gehad het in die gehoor en dit het plaasgevind na die enigste genooide, dit wil sê 'n gasspreker, sy toespraak (20) gelewer het.

Het beskuldigde nr. 1 toestemming gevra terwyl beskuldigde nr. 16 nog gepraat het of het hy toestemming gevra om te praat op hierdie vergadering nadat beskuldigde nr. 16 sy toespraak afgesluit het en die vergadering oopgestel is vir bespreking deur die gehoor? -- Toe hy verlot gevra het om iets te sê op hierdie vergadering was terwyl Tom Manthata nog besig was met die toespraak, maar hy het eers iets te sê gehad na Tom Manthata se toespraak gelewer is.

Het mnr. Hlubi aan beskuldigde nr. 1 direk en self (30)
verlot/...

verlof gevra om te praat op die vergadering? -- Ja.

Uit sy eie uit? -- Ja, as h voorsitter.

Hy het nie eers vir jou gevra - toestemming gevra kan hierdie man op hierdie vergadering praat nie? -- Daar was so n samespreking gewees.

Met wie? -- Hy het van my verneem of ek dit toelaat dat hy praat en selfs hy, Hlubi, het dit toegelaat na ek gesê het ja, hy kan praat.

Hoekom moes hulle jou toestemming vra? -- Hy het van my verneem omdat ek saam met hom daar gesit het en ek en hy het (10) saam gewerk.

Het hy ten opsigte van elke spreker jou toestemming kom vra, ook van beskuldigde nr. 2? -- Nee.

Toe beskuldigde nr. 2 gepraat het, het hy net verlof gevra om n mosie te stel of wat het hy verlof voor gevra? -- Hy het gevra om n voorstel te maak.

Het hy een of twee voorstelle gemaak? -- Hy het n voorstel gemaak.

Was dit net een of was dit twee? -- Een.

Presies wat is die voorstel wat hy gemaak het? -- (20) Die voorstel was dat die mense nie by die besighede wat deur die raadslede geëien word moet koop nie.

Is dit al? Is dit presies wat hy gesê het? -- Hy het toe voorbeelde genoem van hierdie besighede wat hy na verwys. Byvoorbeeld, die garages en die winkels. My siening daarvan het die huurmotors ook betrek, want hy het gesê net wat n besigheid is.

HOF : Ons vra net wat hy gesê het, nie wat u vertolk het nie? -- Hy het melding gemaak van besighede wat aan die raadslede behoort en voorbeelde gegee van die garages, (30)

winkels/...

winkels en huurmotors.

MNR. JACOBS : Is dit al wat hy gesê het? -- Dit was sy voorstel gewees. Eintlik die mosie wat hy voorgestel het.

Hy het nie h mosie ook voorgestel dat die huur moet geprotesteer word dat die mense moenie huur betaal nie?

HOF : Wat bedoel u? U moet dit net reg stel dat ek begryp wat u bedoel. Dat die huur geprotesteer word?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Dat daar geprotesteer word teen die huur?

MNR. JACOBS : Die stelling was gemaak dat die huur gepro-(10)
testeer word, met ander woorde dat die huur nie betaal word
nie.

HOF : Maar as h mens die huur geprotesteer is dit nie goeie Afrikaans nie, eerstens en as jy dit probeer vertolk dan beteken dit nog nie dat ons die huur nie betaal nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit net lees. Dit is Volume 29, bladsy 1 395. Kan ek in die tussentyd net vir jou vra, was daar nie twee mosies voorgestel deur beskuldigde nr. 2 of een mosie met twee dele nie? -- Nee, dit is nie hoe ek dit onthou nie. Ek onthou net dat hy so gepraat het. (20)

In Volume 29 bladsy 1 395 waar daar gestel was aan getuie IC.9 "And if I were to put to you that he moved a formal motion that the rents should be protested and called for the boycotts of shops and garages owned by the councillors, what would you say?" Dit is daarom dat ek dit sê, geprotesteer word.

HOF : Nou goed, stel dit so.

MR BIZOS : It is just that I was using as loose a terminology as My Learned Friend is using.

HOF : Ek vertolk dit as volg, dat daar gestel is die (30)
volgende/...

volgende. Dat daar 'n formele mosie voorgestel is, dat daar teen die huur geprotesteer sou word en dat daar 'n boikot ingestel sou word. Stem u daarmee saam of nie? -- Ek stem nie saam met hierdie voorstel nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit net verder ook aan jou lees, aan die onderkant van daardie selfde bladsy word dit dan duidelik gestel ook "Is it possible that there was such a motion moved by him which had these two parts, the one in relation to the increased rental and the other in relation to the businesses but that you have forgotten a part of it or are you giving(10) His Lordship an assurance that it did not happen?" -- Miskien is daar 'n fout begaan iewers, want die besluit oor die huur, die resoluëie was al op die 12de se vergadering aanvaar. So, dit kon nie hier 'n voorstel gewees het nie.

Kan jy vir ons sê hoe was beskuldigde nr. 2 se voorstel en sy mosie aanvaar? Het die voorsitter dit aan die gehoor gestel en laat stem daaroor of nie? -- Dit was oorgelaat vir die gehoor om daarop te besluit.

Kan jy vir my sê wat beteken dit wat jy nou sê? Ek weet nie wat beteken dit nie. -- Dit is 'n antwoord op u (20) vraag wat soos volg was. U wou geweet het of daar nou besluite geneem was deur die gehoor en ek sê ja, dit was vir die gehoor gewees om te besluit daaromtrent.

HOF : Die vraag is hoe is die voorstel aanvaar? -- Die voorstel is mondelings aanvaar deur te sê "Ons stem saam met die voorstel".

MNR. JACOBS : Is daar Amandla geskreeu ter ondersteuning van die voorstel, dat dit aanvaar word? -- Ja, dit het gebeur.

Het die voorsitter dit gestel aan die mense dat hulle moet stem oor die mosie? -- Die stemmery daarvoor was mondelings
(30)
gemaak/...

gemaak deur te sê "Ja, ons stem saam." Dit is die manier van stem wat gevolg was daar.

En die voorsitter het nooit vir die mense gesê "Kyk, julle moet nou stem oor hierdie mosie nie? -- Die normale prosedure is dat as 'n mens 'n voorstel maak het, dan word die voorstel aan die gehoor oorgedra deur die voorsitter en dit gelaat vir die gehoor om te besluit deur die volgende woorde te besig dat hy sal nou verneem van die gehoor wat hulle gevoel is, stem hulle saam, dan sê die mense "Ja, ons stem saam." So, dit is wat ek aanvaar het daar plaasgevind. (10)

Kan jy dus nie onthou wat daar plaasgevind het nie? -- Ek onthou wat daar in die vergadering gebeur het.

Kan jy dan vir ons vertel wat in die vergadering gebeur het en nie wat normaalweg gebeur het nie?

MR BIZOS : I have a note from accused no. 22. Could he be temporarily be excused?

COURT : Certainly. -- Ek sê dit is wat ek onthou het daar plaasgevind by daardie tyd tydens hierdie vergadering.

MNR. JACOBS : Die persoon Nana het sy op beide die vergaderings van die 19de en die 26ste gepraat? -- Ja, op die 19de (20) het sy opgetree as 'n spreker.

En op die 26ste? -- Ek kan nie onthou nie.

HOF : As u sê spreker, bedoel dit sy het uit die gehoor gepraat, sy was nie 'n aangewese spreker nie? -- Sy het iets te sê gehad vanaf die gehoor.

Op die 26ste het sy nie gepraat nie? -- Nee, sy het nie gepraat nie.

MNR. JACOBS : En Nozipo, het sy gepraat op die vergadering van die 19de? -- Nee.

Het sy gepraat op die vergadering van 16 Augustus (30)

1984, die volgende Sondag? -- Nee.

Is jy seker? -- Ja, ek is seker.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat mnr. Bizos het dit gestel aan die getuie Koaho in volume 26 op bladsy 1 258 en ek lees vir jou "Mr Bizos: Because I am going to put to you that Nozipo did not speak on this meeting, but spoke on the meeting of the 26th. That is the following Sunday"? -- Dit is n fout. Dit moes gewees het dat sy by die vergadering van die 12de gepraat het.

Is dit korrek dat jy het in jou getuienis-in-hoof gesê(10) dat toe beskuldigde nr. 16 begin praat het, het hy die kennisgewing gehad van die verhoogde huur wat uitgegee was deur die Lekoa Stadsraad? -- Ja, hy het die kennisgewing by hom gehad.

Waar het hy dit gekry? Weet jy? -- Ja, hy het dit van my gekry.

Wanneer? -- Dit is toe ek hom by my huis aangetref het.

Hoekom het jy dit vir hom gegee? -- Ek het dit aan hom gegee sodat hy solank lees wat die inhoud van die kennisgewing is, want op daardie stadium moes ek nog met die mense in die "study" gaan praat het. (20)

U Edele, beskuldigde nr. 22 is terug.

HOF : Dankie.

MNR. JACOBS : Wat sê jy van die getuienis van beskuldigde nr. 2 wat sê dat beskuldigde nr. 16 was nie in besit van hierdie kennisgewing nie, maar notas wat hy gehad het waarvan hy sy toespraak gemaak het? Dit is volume 220 bladsy 11 642. -- Dit is nie reg dat beskuldigde nr. 2 so gesê het nie.

Het beskuldigde nr. 16 ... -- As ek mag verduidelik. Wat ek reg onthou wat deur beskuldigde nr. 2 gesê was, was dat hy, wat beskuldigde nr. 2 is, het die indruk gekry dat(30)

wat/...

wat beskuldigde nr. 16 het is notas wat hy, beskuldigde nr. 16, voorberei het. Nie dat hy gesê het dat beskuldigde nr. 16 definitief notas gehad het nie.

Wat het van die kennisgewing geword wat beskuldigde nr. 16 gehad het? -- Ek weet nie.

Het hy uit daardie kennisgewing uit gelees aan die gehoor? -- Nee, hy het dit nie gedoen nie.

Kan jy vir die Hof sê of hy enige dele van daardie dokument in sy toespraak behandel het? -- Ja. Wat ek onthou is dat hy die inhoud van hierdie kennisgewing aangeraak het (10) in sy toespraak. Nie dat hy direk daaruit iets gelees het en toe daarmee gehandel het nie.

Die verweer in hierdie saak, is dit korrek, in beginsel is daar geen beswaar teen die raadstelsel vanaf die kant van die verdediging nie, vanaf julle kant nie?

HOF : Stadig nou h bietjie. Skeer u almal oor dieselfde kam? Van nr. 1 tot nr. 22?

MNR. JACOBS : Ek skeer hulle almal oor dieselfde kan, want dit is wat verduidelik was as die verweer deur mnr. Bizos in hierdie saak. (20)

HOF : Dit mag wees, maar moet elke getuie nie vir homself praat nie, elke beskuldigde?

MNR. JACOBS : Ek vra vir hom.

HOF : Ja-nee, dit is gaaf, maar is u verweer soos gestel korrek? Ek bedoel u moenie die verweer in die algemeen van al die ander behandel nie. U kan dit doen, maar ek kan nie sien hoe dit ter sake is nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit aan hom stel of sy sienswyse ook is. In beginsel is daar geen beswaar, is dit jou sienswyse ook as verweer in hierdie saak, teen die raadstelsel nie. (30)

Is/...

Is dit reg? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie. Is die vraag dat my sienswyse is dat ek nie teen die bestaan van die raad of die raadslede is nie?

Die stelling is dat in beginsel - ek vra vir jou, in beginsel is dit so dat jy beswaar het teen 'n stelsel soos 'n raadstelsel nie?

HOF : Dit is iets anders. Die raadstelsel is 'n spesifieke raadstelsel wat tans bestaan. 'n Raadstelsel is 'n soort sisteem wat ook nog in werking kan kom, maar nie noodwendig identies is nie. Wat is presies u stelling? As u 'n (10) duidelike antwoord wil hê moet u 'n duidelike vraag stel. As u stel dat dit die verweer is soos gestel, gee my dan die bewysplek, dan sal ek dit self stel.

MNR. JACOBS : Dit is in volume 28 bladsy 1 310, eintlik van 1 309 af.

HOF : Maar dit is met 'n raadstelsel in beginsel. Is daar niks verkeerd met 'n raadstelsel, met rade nie. Waarom lees u nie die eerste paragraaf voor soos dit is nie, op bladsy 1 310 dan kan dit getolk word en dan u daarop kommentaar vra? (20)

MNR. JACOBS : Ek sal vir u lees dan bladsy 1 310 "My Lord, the context of the speech was as I have put it and this is going to be no. 16's and the accused's case that in principle there is nothing wrong with councils in principle. It is because of - it is offered as a substitute for the real vote that there are objections to it and in the context of the speech made that the question of power was in that context. That is that if we had a meaningful vote, our representatives would not have done what they have done to you." Het jy enige kommentaar hierop? -- Maar ek het mos ook in my getuienis (30)

gesê/...

gesê dat daar behoort h raad te wees.

Kan ek dit vir jou kort stel dat daar behoort h raad te wees maar omdat die bestaande raad in die Vaaldriehoek h raad is wat apartheid bevorder, soos ek jou getuienis verstaan, daarom is die bestaande tipe raad nie aanvaarbaar nie? -- Aan my, ja.

En is dit ook die siening van die ander beskuldigdes in die saak? Weet jy? -- Alvorens ek daardie vraag beantwoord, mag ek hierso iets verduidelik?

HOF : Ja. -- Ek wil graag my antwoord van ja kwalifiseer(10) deur te sê ek is nie teen die bestaan van die raad nie. Wat ek wel teen is, is die bestaan van die raad wat bestaan ter uitvoering of ter bevordering van die apartheid

MNR. JACOBS :

En die rade wat ingestel is en die een wat ook in Lekoa funksioneer word beskou as h raad wat apartheid uitvoer? -- Ja, dit is my siening.

Is dit die geval omdat dit h raad is wat ingestel is onder die Wet op Swart plaaslike besture? -- Ja.

En daarom, omdat dit onder daardie wet ingestel is, sal enige raad wat verkies word onder daardie wet, sal nie(20) aanvaarbaar wees in die Vaal wat julle aanbetref en jou aanbetref nie? -- Ek weet nie wat u nou wil hê nie, maar ek het al vroeër vir u gesê ek neem geen deel aan die verkiesing van die Raad nie. Wat ek wel kansê in antwoord op u vraag is dat wat eintlik benodig word daar, dat dit daar moet bestaan is h Raad wat gaan dien sonder enige uitsondering van rasse.

Is dit dan reg dat enige - as die Raad sou bedank en h ander Raad word nou gekies onder die Swart plaaslike besture wet sou so h verdere Raad ook vir julle onaanvaarbaar wees, vir julle in die Vaal? -- U praat nou van julle in die Vaal.(30)

Ek/...

Ek het net namens myself geantwoord omtrent wat my houding is.

HOF : Ja, antwoord die vraag namens uself, alleen? -- Ek sê daar behoort h Raad te wees wat die pligte sal uitvoer sonder die gebruik van die uitsondering van ander rasse.

Sal u net die vraag antwoord. Die vraag is, enige Raad wat verkies word onder die Black Local Authorities Act, sal nie vir u aanvaarbaar wees in die Vaal nie? Is dit ja of is dit nee? -- Nee, dit is vir my moeilik. Ek stem mos nie. So, ek het geen deel aan die verkiesings nie. Al wat ek (10) vir die Hof sê is daar behoort h Raad te wees.

U sal nie tevrede wees met h Raad wat verkies word onder die Black Local Authorities Act nie, reg of verkeerd? -- As so h Raad verkies is en die Raad het die mag om sake uit te voer tot by die hoogste gesag, dan het ek nie h probleem nie, want dan het die Raad die reg en die mag vir die uitvoering tot by die hoogste gesag.

h Raad wat verkies word onder die Black Local Authorities Act, die Wet op Swart Plaaslike Besture, het dieselfde bevoegdhede as wat die huidige Raad het. Antwoord nou die (20) vraag? -- Wat my betref, h Raad wat gekies is onder die Black Local Authorities Act, het nie die magte nie. Byvoorbeeld finansieel en ook die uitvoering tot by die hoogste gesag van die land, het hulle nie h mag nie.

K774

Is dit vir u aanvaarbaar of nie vir u aanvaarbaar nie, so h Raad? -- Ek aanvaar dit nie.

Hoekom moet ons amper h kwartier sukkel om hierdie antwoord te kry? -- Dit is miskien omdat dit eers die mense in die Vaal in meervoud betrek het in die vraag. Nou dat ek probeer het om my posisie as h enkellopende persoon duidelik (30)

te/...

te maak, dat ek 'n besluit geneem het dat ek geen deel gaan neem aan enige verkiesing nie.

MNR. JACOBS : Sal jy saam met my stem dat dit sou sinneloos gewees het, volgens jou sienswyse om op hierdie vergadering dan voor te stel dat daar net weer 'n ander Raad gekies word onder die Swart Plaaslike Besture wet? -- Nee, dit is nie sinneloos nie. Daar is sin.

Wat is die sin daarin om 'n raad te kies wat nie aanvaarbaar is nie, waarvoor geaggiteer word alreeds dat hulle moet bedank? -- Niks was gedoen wat regverdig dat 'n mens kan (10) sê dat daar aggitasie was teenoor die Raad nie. Al wat daar gebeur het is dat die raadslede het nie voldoen aan die beloftes wat hulle gemaak het tydens die verkiesings nie. Dit beteken dus dat indien daar ander mense gekies is op die Raad en daardie mense voldoen aan dit wat van hulle verwag word deur die gemeenskap byvoorbeeld as daar enigiets gedoen moet word in die sin van die verhoging van die huur byvoorbeeld, dat hulle eers terugkom na die gemeenskap toe en hoor wat die gevoel is van die inwoners. Dit is uitvoering van wat verwag word van hulle. So, dit sou nie probleme geskep (20) het nie.

Stem jy saam op dieselfde tyd toe julle in die Vaal geaggiteer het teen die raadstelsel en raadslede het dit gebeur onder die Swartbevolking op 'n landswye basis? -- Nee, ek stem nie saam nie. Daar het ons te doene gehad met die huur. Dus wat gebeur het by ander plekke, het nie betrekking gehad op die huur waarmee ons te doene gehad het nie.

Ek vra net vir jou, is dit so dat daar op daardie stadium was op 'n landswye basis geaggiteer teen die raadstelsel en raadslede? -- Ek weet nie waarvan praat u nie. Wie is (30) betrokke/...

betrokke? Waar? Al wat ek van weet is dat ons oor die huur gehandel het en ek stem nie saam met u stelling dat dit waarmee ons daar besig was landswyd gedoen was nie.

Was daar nie op 'n landswye basis - dra jy nie kennis daarvan dat daar op 'n landswye basis geaggiteer was deur verskillende organisasies onder die Swartmense teen Swart Plaaslike Besture, ingestelde Swart Plaaslike Besture nie? -- Nee, ek het nie so 'n kennis nie.

En dat daar orals besware is oor die ... -- Verskoon my. Ek het geen sulke kennis opgedoen nie. Die organisa- (10) sies wat ek oor gelees het in die verslae van die koerante het nie soiets daarin gemeld nie.

En dat daar in die algemeen dan geaggiteer was teen die sogenaamde Koornhof Wette? -- Ek behoort aan geen organisasie nie. So, ek kan nie namens die organisasies praat nie. Ek stem nie saam nie.

Het jy nie ook gelees in die koerante dat daar wel aggitasie plaasvind teen die sogenaamde Koornhof Wette wat die Swart Plaaslike Besture wet insluit onder die organisasies in die land, organisasies van die Swartmense nie? -- Nee. (20)

En ek wil dit ook aan jou stel dat op hierdie vergadering van die 19de was daar nooit 'n voorstel gewees dat nuwe rade verkies moet word in die Vaal nie? -- Daar was so iets gesê as 'n voorstel dat die mense geregtig is indien hulle nie tevrede was met die huidige Raad en die raadslede dat hulle ander mense kan gaan kies. Ek het verder van die koerante gelees in daardie tyd dat daar wel "rallies" gehou was landswyd met betrekking tot die Drie-kamer parlement. Dit het nie te doene gehad met die raadslede of die Raad onder die Koornhof Wette nie. (30)

Was/...

Was die voorstel op hierdie vergadering van julle gewees van 19 Augustus dat n nuwe Raad verkies moet word onder die Wet op Swart Plaaslike Besture of was daar iets anders in gedagte gewees? -- Ja, wat Tom Manthata gesê het was dat indien daar n gevoel was tussen die mense dat hulle nie tevrede is met die raadslede wat hulle op die Raad verkies het nie, dan sal hulle ander moet gaan kies.

Op dieselfde Raad volgens die Swart Plaaslike Besture wet? -- Ja, dit is wat hy gesê het.

Ek wil dit aan u stel dat hierdie vergadering van die(10) 19de was uit en uit daarop bedoel om striemende aanvalle te loods op die raadslede? -- Dit is nie die waarheid nie. Dit was nooit so gestel nie.

Nie gestel nie, bedoel? Die hele doel van daardie vergadering was gewees om raadslede aan te val? -- Daar was geen so n bedoeling gewees nie.

En in werklikheid is so n striemende aanval op die raadslede gedoen en hulle so sleg gemaak en die doel daarvan was dat die mense moes kwaad word vir die raadslede, hulle moes vyandig word teenoor die raadslede? -- Dit is nie die(20) waarheid nie. Dit was nie gedoen nie.

En in werklikheid het die mense op daardie vergadering toe kwaad geword en baie emosioneel? -- Dit is glad nie die waarheid nie. Geen mens was emosioneel daar nie.

En ek wil dit aan jou stel dat jou getuienis wat jy gee is dat jy wil aan die Hof probeer voorgee dat alles so kalm was op daardie vergadering en dat daar niks snaaks gebeur het op daardie vergadering nie en dat dit n onwaarheid is? -- Dit is die waarheid. Die vergadering was in vrede daar gehou en met die respek wat daar was, want ek en die mense (30)

daarin/...

daarin betrokke werk vir die vrede

Jy sê jy werk vir die vrede? Wat bedoel jy daarmee? --
Ek werk vir die Here van vrede en die mense is mense van
vrede.

Maar hoe werk julle vir vrede? Wat bedoel jy daarby?
Laat ek jou net verstaan? -- Wat ek daarby bedoel is, ons
geloof is n geloof van vrede voor die Here wat ook vir vrede
is.

Ek wil dit verder aan jou stel dat op hierdie vergadering
het jy inkluis en ander sprekers aanvalle en beledigings (10)
en beskuldigings teenoor die raadslede geopper by hierdie mense
wat op hierdie vergadering gesit het? -- Dit is onwaar.

Sê jy daar is nie aantygings en beskuldigings teenoor
raadslede gemaak op hierdie vergadering nie? -- Iets was
gesê oor die raadslede alleenlik waar dit betrekking gehad
het op die huur. Niks verder was gesê aangaande die aanval
op die raadslede nie.

Was daar op hierdie vergadering enigiemand wat daar gesê
het dat die geld wat gein word as huurgeld vanaf die Swart-
mense word gebruik vir die voordeel van die Blankemense? (20)
-- Nee.

Is jy seker daarvan niemand het so gesê nie? -- Ja, ek
is seker niemand het so gesê nie.

As dit so gesê was op hierdie vergadering, stem jy saam
dit is dan n aantyging hier dat die raadslede neem die swaar-
kryende Swartmense se geld nog weg en gee dit vir die Blankes?
-- Niemand het so iets gesê nie.

Ek wil dit aan jou stel dat dit is aan getuie Koaho
gestel dat beskuldigde nr. 1 dit op daardie vergadering
gesê het en ek wil jou verwys na Volume 26 bladsy 1 247. (30)

Ek/...

Ek lees vir jou "He went further and said that the money that was taken as rental from the Black people was used to benefit the Whites. Do you recall that?" -- Ek kan nie onthou nie.

Nou verander jy skielik baie drasties. Netnou het jy gesê dit is nie gesê en toe was jy baie beslis. Jy het twee keer gesê dit is nie gesê nie. Nou kan jy skielik nie onthou nie. Hoekom verander jy nou? -- Ek sê ek kan nie onthou dat dit so aan Koaho gestel was nie

So, hou jy dan nog vol daarby, dit is nooit op daardie(10) vergadering gesê nie? -- Ek sê, wat my betref, sulke woorde was nie gebesig nie.

Het iemand op hierdie vergadering gesê dat die Raad die huur verhoog maar dat hulle nie sal seker maak dat die elektrisiteit in die huise geïnstalleer sal word en ook nie seker sal maak dat strate geteer sou word nie? -- Dit kan wees dat sulke woorde gesê was.

Nee, is dit gesê of is dit nie gesê nie? -- Ek sê dit kan wees dat mense hierdie woorde by hierdie vergadering gesê het. (20)

In h toespraak? -- Dit kan wees dat dit van iemand gesê was vanaf die gehoor.

Kan jy onthou dat beskuldigde nr. 1 dit gesê het? -- As hy die woorde gebruik het, hy is ook maar h gedeelte van die gehoor.

HOF : Die vraag is net of u kan onthou dat beskuldigde nr. 1 dit gesê het? -- Ek onthou nie.

MNR. JACOBS : Ek wil vir jou lees wat gestel is hier net om vir jou in te lig. Op daardie selfde bladsy waar ek nou-nou gelees het 1 247. Die volgende stelling word gemaak (30)

aan/...

aan die getuie Koaho. "You recall him saying that the community council had increased the rent, but that they would not make sure that the electricity would be put in homes, would not make sure that the streets would be tarred and that it would not go for the benefit of elder citizens and pensioners to get a better deal." Ek sal tot daar lees vir jou. Hier word dit dus duidelik gemaak dat die raadslede en dit duidelik gestel teenoor die gehoor wat daar is, dat die raadslede die mense is wat nie eerlik gaan wees nie en die geld aanwend vir die doel waarvoor dit gevra word? -- Ek het gesê dit (10) kan wees dat hierdie woorde gesê is daar, maar dit is as gevolg van die beloftes wat hulle gemaak het dat die huur verhoog word omrede hierdie wat genoem word aangepak sal word.

Stem jy saam dat om vir die gehoor daar te sê dat die Raad gaan nie hulle geld gebruik vir die installering van elektrisiteit en die vir installering van verbetering van strate en bevordering van die voordele van die oumense nie, is dinge wat die mense kwaad sal maak? -- Nee.

Ek wil dit aan jou stel dat dit het ... -- Dit is dat die mense nie tevrede is met dit, dit wil sê wat genoem (20) word nie. Dit is nie 'n kwessie van dat die mense nou moet kwaad word nie.

En ek stel dit aan jou hulle sal kwaad word vir die raadslede wat hulle geld so mors en spesifiek raadslede van Lekoa? -- Dit is nie die waarheid nie, want ek is daarvan bewus dat op daardie stadium het die raadslede orals in die woonbuurt beweeg en daar is niks wat aan enigeen van hulle gedoen is nie. By die kerk waar ek die kerkdienste bygewoon het, was van hulle aanwesig en niks was aan hulle gedoen nie.

Ek wil dit verder aan jou stel dat op hierdie spesifieke (30)
vergadering/...

vergadering het die mense kwaad geword en het hulle baie emosioneel geword? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Ek ontken dit.

As enigiemand sou sê dat die mense het kwaad geword en die mense was baie emosioneel sê jy dit is 'n groot leuen wat vertel word? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Ek sê net die mense was nie tevrede gewees nie. Hulle was nie bly gewees nie.

Hulle was nie bly gewees nie, sê jy? -- Hulle was nie tevrede gewees nie. (10)

Teenoor wie was hulle nie tevrede nie? -- Teen niemand nie, behalwe dat ek kan sê met betrekking tot die beloftes wat gemaak word - die verhoging van huurgeld sal hulle affekteer. Die rede daarvoor was dat hulle was daarvan bewus dat indien hulle nie hierdie geld betaal nie, dan sal hulle uit die huise gesit word.

En was hulle ontevredenheid ook teenoor die raadslede? -- Glad nie.

Sodat die raadslede moet bedank? -- Nee, dit is nie so nie. (20)

O, hulle wou nie gehad het die raadslede moet bedank nie? -- Wat gesê was, op een voorwaarde, as hulle volhou met die verhoging in die huur, sal hulle moet bedank. Wat hulle besig was om te doen was onwettig gewees, want die raadslede het die besluit geneem dat die geld verhoog word met ingang 1 September en hulle het nog nie eers die reg gehad om dit te doen nie, dit wil sê wat hulle daar bekend gemaak het was nog nie eers in die wet ingelyf nie.

HOF : Het u dit toe geweet? -- Dit het duidelik geword na 'n sekere tyd gedurende Septembermaand toe hulle gesê het (30)

dat/...

dat die verhoging teruggetrek word, dat dit nie wettig was nie.

Die antwoord is dus nee, u het dit nie geweet nie? -- Ja, dit is voor ek daardie kennis opgedoen het, maar later het ek hierdie kennis gekry.

Op die kennisgewing wat die Stadsraad uitgestuur het AAQ19 op 2 Augustus 1984 word onder andere as rede vir die verhoging aangegee die teer van strate en die voorsiening van elektrisiteit vir meer huise. As iemand dus op 'n vergadering sê dat die Stadsraad nie, wel die huur verhoog maar dat hulle(10) nie sal seker maak dat elektrisiteit in huis gesit word en dat strate geteer word nie, beteken dit inderdaad dat daar gesê word dat die Stadsraad lieg in hierdie kennisgewing? Het iemand op die vergadering gesê dat wat in die kennisgewing staan is nie waar nie? -- Ja, eintlik, maar nie direk soos die Hof dit gestel het nie. Die persoon wat dit geopper het, het gesê dit is daaglik so, indien daar enige verhoging toegepas word in die huur, sal daar melding gemaak word van die huise wat beskikbaar gaan word na aanleiding daarvan, die aanlê van elektrisiteit en die verbetering van toestande(20) van strate en die "sewerage" word ook daar gemeld. Dit is 'n bekende feit in Sharpeville dat daar was al vantevore 'n verhoging van huur wat toegepas is en wat daar gesê was as 'n rede daarvoor was dat hulle "sewerage" gaan aanlê. Toe daar melding gemaak was in hierdie kennisgewing van "sewerage" en die aanlê van elektrisiteit, het mense toe alreeds kennis gehad dat wat hier gemeld word is dinge wat alreeds vantevore melding van gemaak is as rede vir die verhoging.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

(30)

TEBOGO/...

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, op hierdie vergadering van die 19de, het enigiemand afbrekende kritiek en skelname aan die raadslede toegeskryf? -- Nee.

En ook gesê dat hulle nie werklik die inwoners verteenwoordig wat hulle gekies het nie, maar dat hulle "puppets" is? -- Dit kan wees dat die woord "puppets" gebruik is, maar ek is nie op hoogte daarvan of dit wel so gebruik was nie.

As iemand dit gesê het, sal jy saamstem met my dan is dit ook weer 'n direkte aanval op die integriteit en die (10) raadslede self op hierdie vergadering? -- Nee, dit is nie 'n aanval nie.

En sal jy saamstem met my dit is dinge wat die mense kan kwaad maak teenoor die raadslede? -- Nee. Al wat gesê was, indien dit gesê is omtrent die raadslede, is iets wat te doene gehad het oor die uur. Dit was nie 'n kwessie van dat 'n mens direk gesê het wat hy gesê het is gemik op die raadslede nie.

Ek wil aan jou verder lees op bladsy 1 247 en dan gaan dit oor tot 1 248 wat beskuldigde nr. 1 op hierdie vergade-(20) ring sou gesê het en dit is gestel aan Koaho "Do you not recall that he gave that as reasons for calling the councillors in derogatory terms? Do you not recall that? - No." "Did he not call them people who were not really representative of the people who elected them or puppets to that effect." -- Ek kan dit nie onthou nie.

Sal jy saamstem dat hierdie aangehaalde deel wat ek aan jou gelees het praat hierdie spreker, beskuldigde nr. 1, direk van die raadslede en hy beledig die raadslede self? -- Volgens u daar gelees het word dit nie beweer dat beskuldigde nr. 1 (30)

so/...

so gesê het nie. Dit is 'n vraag wat gevra word van die getuie, of die getuie sulke woorde onthou.

As ek dit aan jou stel dat hier gestel word dat hy wel die woorde aan die raadslede toegevoeg het, betwis jy dit? -- Nee, dit was nie eintlik gebruik direk teenoor die raadslede nie. Die woorde word gebruik dat om nou eintlik te beskryf "Wat sê julle oor die huur?" Dit is in daardie sin wat die woorde so gebruik word.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die vraag is miskien so gestel dat u die antwoord so kan gee. Mnr. Jacobs kan miskien sê. (10) Die vraag wat eintlik bedoel word is of die woorde wel deur beskuldigde nr. 1 ten opsigte van die raadslede gebruik is nooit aan hulle toegevoeg is nie? -- Ek verstaan die vraag. My antwoord op die vraag is, dit kan wees dat woorde gebesig is, maar dit is nie 'n kwessie van dat eintlik wat daar bespreek word by hierdie vergadering was die raadslede nie. Wat daar bespreek was, was die kwessie van die huur en die bespreking van die kwessie van die huur is melding toe gemaak van die raadslede.

HOF : Wat het die vraag of hulle "puppets" is of onverteent- (20) woordigend te doen met die huur? -- Ek sien dit op die manier, hier het hulle beloftes gemaak aan die mense wat hulle alles sal doen vir die mense en ten opsigte van die huur het hulle niks gedoen om die mense te verteenwoordig daaromtrent nie. Dus my siening van die gebruik van daardie woorde is dat hulle nou gesê word dat hulle nie die mense verteenwoordig het soos hulle belowe het dat hulle dit sal doen nie. Die gebruik van die woord "puppets", verstaan ek in my taal om te beteken dat dit daar gebruik is om 'n beskrywing te gee van hierdie persone dat indien hulle nie die verteenwoordigers (30 is/...

is van die mense nie, dan is hulle daar om net gestuur te word.

MNR. JACOBS : Sal jy met my saamstem dat die gehoor wat daar gesit het, het duidelik die boodskap gekry dat hier word van die raadslede gepraat wat "puppets" is en wat hulle nie verteenwoordig nie? -- Ja, maar dit beteken nie dat as 'n persoon daar is om gestuur te word om sekere dinge uit te voer dat iets gedoen moet word aan die persoon nie. So 'n persoon moet 'n mens net aanvaar dat hy of sy gestuur is om sekere dinge uit te voer. (10)

Op hierdie vergadering het iemand daar gesê dat die ekstra huur wat nou gevorder word sal net aangewend word vir die Suid.-Afrikaanse Verdedigingsmag? -- Nee, niemand het so gesê nie.

Is jy seker daarvan dat niemand dit gesê het nie? -- Ja.

As iemand dit gesê het stem jy saam dit beteken - stem jy saam daarmee dit is die raadslede wat die ekstra huur opgesit het en die inwoners belas het?

HOF : Wat is die punt wat u maak?

MNR. JACOBS : Ek sal nou daarnatoe kom. Ek sê as dit op die vergadering gesê was, in die lig daarvan en in die konteks (20 daarvan kan jy dan die volgende vraag antwoord. Dit is die raadslede wat die huur verhoog het en die inwoners swaar belas het? -- Ek verstaan nou nie wat se kommentaar u van my verwag nie, want ek het gesê hierdie woorde was nie gebesig nie.

Ek wil jou net verwys en vir jou verder lees wat gestel is aan Koaho en dat beskuldigde nr. 1 dit gesê het. Dit is Volume 26 bladsy 1 248 lees ek verder 8 tot 9. 1 248 onder tot 1 249 bo. "Do you remember that he expressed the belief that the money collected from the extra rental would be used (30)

for/...

for the South African Defence Force." -- Wat het hy toe geantwoord?

Nee, die stelling was gemaak gewees dat dit is wat beskuldigde nr. 1 op daardie vergadering gesê het? -- Maar u aanhaling daar van die rekord is 'n vraag wat gestel word aan hierdie getuie, of hy nog onthou dat wat beskuldigde nr. 1 in sy toespraak gesê het aan die gehoor daar tuisgebring het dat die geld so gebruik gaan word. So, as dit die geval is, dit is 'n vraag, dan moes die getuie geantwoord het en dit is hoekom ek vra, wat het hy toe geantwoord? (10)

HOF : Dit behoort u nou nie te interesseer wat die getuie geantwoord het nie. Dit is gestel dat dit die verdediging se saak is dat beskuldigde nr. 1 dit gesê het en u word gevra om dit te verduidelik. Miskien is dit 'n goeie verduideliking, miskien is u verkeerd, miskien is die persoon wat dit gestel het verkeerd, miskien klop wat gestel is met u getuienis. U word net gevra om dit te verduidelik. -- Ek is nie saam met u nie. Ek verstaan nie so mooi wat eintlik daar bedoel word nie.

Daar is gestel namens die verdediging dat beskuldigde (20) nr. 1 gesê het hy glo dat die geld wat ingevorder word van die ekstra huur gebruik sal word vir die Suid-Afrikaanse Weermag. U sê nou vir ons dat niemand op die vergadering so iets gesê het nie. U word nou gevra om die verskil te verduidelik en as u dit nie verduidelik nie, dan kan u net sê u kan dit nie verduidelik nie, dan kan ons aangaan na iets anders toe. -- Ek het nie 'n verduideliking nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel as 'n feit dat beskuldigde nr. 1 in sy toespraak het direkte aanvalle teen die integriteit van die raadslede gedoen op daardie vergadering? -- Dit was (30)

nie/...

nie h aanval gewees nie, ek betwis nie.

Sy doel daarmee was, stel ek aan jou, om die mense wat op daardie vergadering is s6 op te sweep dat hulle antagonis-ties raak teenoor die raadslede? -- Ek stem nie saam met u stelling nie. Daar was hoegenaamd geen woorde gebesig wat die mense sou opgesweep het nie. Dus het dit glad nie plaas-gevind nie.

En ek stel dit ook aan u, jy wat so voorgee jy is h man van vrede, jy het niks gedoen om dit te verhoed nie, maar dat jy dit eerder aangemoedig het en daartoe bygedra het?(10) -- Niemand het sulke woorde gebruik in hierdie vergadering nie. Dit wil s6 in die sin dat h persoon nou ander mense beïnvloed het of die mense so beïnvloed dat die mense deel moet neem aan die geweldpleging of wat ook al. Dit is omdat die bywoning van hierdie vergaderings vermeerder het, dit wil s6 die getalle vergroot het van die bywonings en niemand was in hegtenis geneem nie en geen geval het daar plaasgevind wat arrestasie regverdig het nie. Dus niemand was in hegtenis geneem nie, behalwe dat daar net gesing was. Die polisie-stasie is ook daar naby geleë. Dit sou die polisie te hore(20) gekom het, hetsy deur dit te hoor direk of as gevolg van h berig deur iemand. Daarby bedoel ek dat die familieledede van die raadslede by hierdie vergaderings teenwoordig was sowel as die lede van die wykskomitees van die raadslede wat ook daar teenwoordig was. Dit is om daardie redes dat ek s6 dit is onwaar indien dit beweer word dat die vergaderings teen die raadslede gemik was.

Het iemand op hierdie vergadering teenoor - ges6 dat die raadslede toe hulle hul verkiesingsveldtog gevoer het voor die verkiesing beloftes gemaak het dat die huur nie verhoog(30)

sal/...

sal word nie, maar nou het hulle dit gedoen? -- Ja.

Sal jy saamstem dit is 'n aanval op die raadslede se integriteit? --Nee, dit is nie 'n aanval nie.

Dit is 'n beskuldiging teen die raadslede? -- Dit is nie 'n beskuldiging nie.

Wie het dit gesê? -- Die woorde wat gebesig was aangaande die beloftes wat hulle, die raadslede, gemaak het, as ek nie fouteer nie, was gebesig deur Manthata, beskuldigde nr. 16.

Is dit inligting wat jy aan hom gegee het? -- Dat daar beloftes was? Nee. (10)

Kyk, jy het hom mos gaan kry om 'n spreker te wees. Hy het nie geweet wat gaan in die Vaal aan nie, jy het vir die Hof gesê jy het vir hom inligting gegee oor die omstandighede in die Vaal. Is dit inligting wat jy aan hom gegee het? -- Wat in die Vaal plaasgevind het, was dat daar huurgeld verhoog was. Die inwoners was bekommerd gewees. Dus het ek Manthata, beskuldigde nr. 16, genader met die oog daarop dat dit gemik is op die verhoging. Die rede hoekom ek hom eintlik graag wou gehad het, was dat ek wou gehad het hy moet die bejaarde mense kom aanmoedig. Met aanmoedig het ek in gedagte gehad(20) dat indien die huur verhoog word, moet hulle nie sommer nou so besluit om dit daar te laat nie. Hulle moet aangemoedig bly en moet verstaan in die aanmoediging dat hulle nie die enigste persoon is wat geraak word deur hierdie gebeure nie. Dus sal hulle aangemoedig bly met daardie inligting dat hulle ook daarvan bewus moet bly dat indien hulle nie uit die huise gesit word nie, dat daar 'n petisie ook gemaak kan word om dit te verhoed. Dit wil sê "interdict" en daar kan ook gevra word vir 'n vergunning vir die persone wat verantwoordelik is vir die verhoging van die huur om dit 'n bietjie terug te hou(30) weens/...

weens die bestaande probleme. Die strekking van sy toespraak was dat die mense sal moet verstaan dat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Stop nou eers, waarmee is u besig? Watter vraag antwoord u? -- Ek antwoord op die Staatsaanklaer se vraag.

Nee, u is soos n druppel reënwater wat in die rivier val en aanhou uitloop tot by die see. Volgende vraag?

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel u het hierdie hele lang relaas gegee omdat u doelbewus my vraag wil ontwyk en nie wil antwoord nie? -- Nee, ek antwoord die vraag.

My vraag was eenvoudig, ek sal hom herhaal, toe jy vir(10) Tom Manthata, beskuldigde nr. 16, gaan sien het en gaan vra het om n toespraak te lewer, het jy aan hom hierdie inligting gegee dat die raadslede beloftes gemaak het wat hulle nie nagekom het nie en die huur opgesit het. Dit was my vraag aan jou? -- Nee.

MR BIZOS : The witness is accused by the prosecutor of avoiding the question. The question had in fact been answered before in similar words, with precisely the same answer.

MNR. JACOBS : Het enigiemand op hierdie vergadering gesê dat die Raad en die Regering self die huur moet betaal omdat(20' hulle apartheid huise vir Swartmense gebou het? -- Ja, ek onthou dat dit gesê was.

Wie het dit gesê? -- Mnr. Manthata.

So, stem jy saam met my, die beskuldiging word hier gemaak dat die Raad dan verantwoordelik is vir die bou, ook mede-verantwoordelik is vir die bou van apartheid huise? -- Ek volg nie die vraag nie. Wat is die vraag?

Kyk, my vraag was aan jou, laat ek dit dan nou aan jou mooi duidelik maak, het enigiemand op die vergadering gesê dat die Raad en die Regering verantwoordelik is die vir (30)

bou/...

bou van apartheid huise en self die huur moet betaal. Toe het jy gesê ja. Is dit reg?

HOF : Dit is nie nodig om nou weer dieselfde paadjie te loop nie. U het die antwoord. Dit is neergeskryf. Dan vra u nou weer is dit reg? Die getuie het ja gesê en hy het gesê beskuldigde nr. 16 het so gesê. Ons kan ver ewig aangaan op die manier.

MR BIZOS : The question was the government and not the councillors, according to the note of my instructing attorney.

HOF : Die vraag was, die Raad en die Regering. (10)

MNR. JACOBS : My vraag daarna was gewees, as ek reg onthou ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Toe dit ja geantwoord is, toe sê u wie het so gesê. Toe sê hy nr. 16. Nou begin u weer voor. Kon u die stelling begryp wat beskuldigde nr. 16 gemaak het? -- Ja, ten opsigte van wat hy gesê het, naamlik dat dit die goewerment is wat hierdie huise gebou het.

Maar ek kan dit nie begryp nie. Kan u vir my verduidelik wat dit beteken. Beteken dit as jy vir iemand 'n huis bou en hom daarin laat woon, dan moet jy ook die huur betaal? -- (20) Nee.

Nou wat beteken dit dan? -- Wat ek verstaan het daar in die boodskap was dat die huise wat bewoon moet word deur die mense moet gebou word deur die goewerment.

Dit is nie wat die stelling was nie. Die bewering wat gemaak is deur beskuldigde nr. 16 was dat omdat die Raad en die Regering apartheid huise gebou het, daarom moet hulle die huur betaal? -- Wat daarby bedoel word is dat die huise wat gebou word is huise wat gebou word vir die Swartmense. Dus sê hy as daar huise gebou word, moet die huise nie gebou (30)

word/...

word op die manier van uitsondering van rasse nie. Dit wat ek nou vir die Hof vertel is dat wat ek verstaan het die boodskap is wat beskuldigde nr. 16 oorgedra het, naamlik dat die Regering sal moet hulp verleen ten opsigte van die huur-gelde wat betaal moet word. Dus, dit sal verkry word deur middel van die Raad.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat die boodskap wat daar aan die gehoor oorgedra was, was dat die Raad saam met die Regering verantwoordelik is vir apartheid? -- Nee, ek verstaan nie wat u daarby bedoel nie. (10)

Ek stel dit aan jou dat die boodskap wat oorgedra is deur hierdie woorde aan die gehoor daar is dat die Raad en die Regering verantwoordelik is vir die toepassing van apartheid in die Swartwounebuurte? -- Nee, dit is nie hoe ek dit verstaan het nie. Ek het alreeds vir die Hof gesê wat ek verstaan het en toe melding gemaak van die hulp wat van die Regering se kant af moet kom.

Het enigiemand op hierdie vergadering van 19 Augustus gesê dat julle van julle regte beroof is, die Swartmense van hulle regte beroof is? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie. (20)

Kan jy onthou of beskuldigde nr. 1 miskien so gesê het? -- Wat ek weet is dat hy dit nie gesê het nie.

Het iemand op die vergadering gesê dat die Regering het die 99 jaar huurpact ingestel sodat inwoners huise koop, dat mense en inwoners nie die huise kan koop nie en dus nie die huur kan betaal nie?

HOF : Stadig net 'n bietjie. Is die stelling dat iemand gesê het dat die Regering die 99 jaar huurpact ingestel het sodat die mense die huise nie koop nie of wel koop?

MNR. JACOBS : Nee, dat mense huise kan koop en dan het ek (30)

verder/...

verder daarby gevoeg dat die meeste inwoners nie die huise kan koop nie en dus nie die huur kan betaal nie?

HOF : Waarom neem u die ding nie maar in twee stadia nie anders gaan dit ons almal deurmekaar maak.

MNR. JACOBS : Ek sal hom vat tot by die eerste een. Ek herhaal, het iemand op die vergadering gesê dat die Regering het die 99 jaar huurpag ingestel sodat inwoners huise koop?
-- Ja.

En is dit ook gesê dat die meeste inwoners nie die huise kan koop nie en dus nie die huur kan betaal nie? --Ja. (10)

Wie het so gesê? -- Ek het so gesê.

Kan jy vir ons sê, wat het die instelling van huurpagstelsel te doen met die verhoogde huur? -- Dit het ek bymekaar gebring in die sin dat hoe kan dit gesê word dat die mense geregtig is om hierdie strukture te kan koop onder die huurpag as die mense nie eers in staat is om die huur te kan betaal vir hierdie strukture nie.

Is jy gekant teen die instelling van die huurpagstelsel?
-- Nee.

Het jy ondersoek ingestel of mense nie huise kon koop(20) nie? -- Ja.

Was daar mense wat wel in staat was om huise te kan koop?
-- Ja, die enigste probleem wat ontstaan het daar was die koop van die huis sonder die grond waarop die huis staan was die oorsaak van die probleem.

Wat se probleem, want jy sê jy ondersteun die aankoop van huise onder huurpag? Jy is nie daarteen gekant nie? -- Ek stem saam met die koop van die huise mits dit die grond waarop die huis staan ook insluit.

Met ander woorde, verstaan ek dan reg, dat jy wil (30)
eiendomsreg/...

eiendomsreg verkry en nie net huurpag nie? -- Ja.

Moet ek dan verstaan, is ek reg, dat jy was gekant teen die huurpagstelsel? -- Ek weet nie wat u bedoel nie. U gebruik nou die woord gekant. Hoe u dit nou hier gebruik verstaan ek nie, want wat ek sê is, as ek 'n huis koop moet dit die grond ook insluit waarop die huis staan, dat ek nou 'n "Title" daarvoor kry. Kyk, as 'n persoon 'n ding soek ...

(Hof kom tussenbei)

HOF : Wat is die vraag wat u beantwoord? -- Dit is die vraag van die Staat. (10)

Wat is die vraag van die Staat? -- Die vraag is dat hy sê ek is gekant teen die huurpagstelsel.

Nou het u vir ons vertel u weet nie wat bedoel word nie? -- Wat ek gesê het ek verstaan nie, is die gebruik van die woord gekant, want as daardie woord nou daar ingelyf word, beteken dit, soos ek dit verstaan, dat daar nou 'n bakleiery betrokke was.

As u 'n vraag nie verstaan nie, dan sê u net ek verstaan nie die vraag nie en dan word hy herhaal en anders gestel. Moet dan nie nog 'n storie bylas nie. -- Ek het probeer (20) verduidelik wat ek sou sê as hy sê ek is gekant.

Ek wil nie met u 'n argument hê nie. Die vraag is anders om gestel. Was u ten gunste van die huurpagstelsel? -- Ek is ten gunste daarvan as dit die grond insluit.

Dus u is nie ten gunste daarvan nie? -- As die grond nie ingesluit word nie, kan ek nie saam met daardie stelsel stem nie.

Wat het die hele huurpagstelsel te doen met die besondere vergadering waar dit gegaan het om die verhoging van huur? Waarom word dit opgehaal? -- In antwoord op 'n vraag wat (30)

gestel/...

gestel is, is dit opgehaal.

MNR. JACOBS : Hoe bedoel u op 'n vraag wat gestel is? Is dit op die vergadering? -- Ja.

Ek sal dit liewers los. Het iemand gesê op hierdie vergadering dat die slegste deel vir die huurverhoging was dat mense wat agterstallig raak met hulle huur word uitgesit en hulle huise word toegesluit? -- Ja.

Wie het dit gesê? -- Ek in antwoord.

Wat bedoel u met "ek in antwoord"? -- Dit was 'n antwoord wat ek gegee het op 'n vraag deur 'n persoon. Dit is wat ek (10) bedoel.

Wat was die vraag? -- Die vraag, as ek nog reg onthou, was as 'n persoon nou nie geld het nie, wat kan gedoen word om die persoon te help en wat sal verder gedoen kan word om dit te verhoed. Dit was na aanleiding van hierdie vraag waarop ek gesê het ek is daarvan bewus dat dit wel plaasvind. Dit het alreeds gebeur met sekere mense waarvan ek weet. Al wat daar moet wees is dat ons onself sal moet kan gedra.

HOF : Hoe bedoel u gedra? -- Daarby bedoel ek dat daar aanmoediging moet wees dat op die einde gaan ons die (20) "court interdict" probeer, dat die mense se huise nie gesluit moet word nie as hulle nie in staat is nie.

MNR. JACOBS : Was dit jou antwoord op die vraag gewees wat jy nou hier in die hof herhaal het? -- Ja.

Stem jy saam met my, kort en bondig gestel, dat daardie stelling wat jy gemaak het, wat ek hier aan jou gelees het, het jy dit aan die gehoor oorgedra dat die raadslede was verantwoordelik vir die huur en die raadslede is verantwoordelik dat mense uitgesit word? Dit is die boodskap wat jy by jou mense wou oorgedra het wat daardie vergadering bygewoon (30)

het/...

het? -- Nee, dit was nie wat ek bedoel het soos u dit nou stel nie.

Maar dit is wat jy gesê het teenoor die mense? -- Dit is nie wat ek gesê het oor die raadslede nie. Ek het net gesê as 'n mens nie in staat is om die huur te betaal nie, dan word die huise gesluit.

Het iemand op hierdie vergadering 'n direkte aantyging gemaak en 'n direkte bewering gemaak teenoor die raadslede dat hulle onbillik is teenoor die inwoners omdat hulle besig-hede vir hulle eie wins gekoop het? -- Ja, ek onthou dit. (10)

Wie het dit gemaak? -- Ek het so gesê, maar u het nie alles genoem wat ek gesê het in daardie sin nie. Daarby bedoel ek, wat nou aan my gestel word is van 'n verslag verkry en die verslag is nie 'n volledige verslag ten opsigte van wat ek daar gesê het met betrekking tot die stelling nie.

Hierdie bewoording in die verslag, sal jy sê dit is korrek of is dit nie korrek nie? -- Dit is korrek. Wat ek sê is dat dit nie breedvoerig verduidelik of aanhaal wat ek daar gesê het nie.

Stem jy saam met my dat jy het hier direk gesê dat (20) die raadslede, jy het dit direk by die gehoor tuisgebring dat die raadslede is mense wat onbillik is teenoor die inwoners? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie. Ek betwis dit.

Jy het dit nie so gesê nie? -- Ek het nie gesê dat die raadslede is teen die gemeenskap of die gemeenskap is teen die Raad of die raadslede nie.

Asseblief, ek vra die stelling wat jy gemaak het hier dat jy dit - jy het die stelling gemaak teenoor jou gehoor dat die raadslede is onbillik teenoor die inwoners? -- (30)

Ja/...

Ja.

Stem jy saam dat die aankoop van 'n besigheid deur 'n raadslid vir sy eie gewin kan tog nie onbillik wees nie? --

Nee, dit is nie in verband daarmee wat ek dit genoem het nie. Wat ek eintlik dit mee in verband gebring het, is nie genoem daar nie. In ieder geval, ek stem nie saam met u stelling nie.

HOF : Waarmee stem u nie saam nie? Die stelling is die aankoop van 'n besigheid vir eie gewin is tog nie onbillik nie? -- Ja, ek stem saam. As 'n persoon iets koop met sy (10) eie geld vir sy eie wins, dan is dit nie onbillik nie.

MNR. JACOBS : Impliseer hierdie antwoord van jou dat die raadslede het nie iets gekoop met hulle eie geld vir hulle eie gewin nie? -- Nee dit is nie wat ek sê nie.

Nou wat sê jy dan? -- Wat ek sê is dat die besighede wat verkoop was, is deur die raadslede gekoop want hulle is die mense wat die eerste voorkeur gekry het voor die ander mense.

HOF : Watter geval dink u aan? -- Die besighede wat verkoop was, dit is die biersale en besigheidsplekke waar mense (20) besighede kan gaan oprig.

Persele? - Ja, besigheidspersle.

MNR. JACOBS : Wat presies het jy vir die gehoor gesê omtrent hierdie aankoop van besighede? -- Wat ek nou net hier gesê het.

Het jy daarby bedoel en dit oorgedra aan die gehoor dat hulle oneerlik is deurdadig hulle die besigheidspersle kry en die biersale? -- Nee.

HOF : Het u ooit gedink hulle is oneerlik? -- Ja.

As u nie bedoel het om te sê dat hulle oneerlik is (30)

nie/...

nie, wat het u wel bedoel met die sin? -- Wat ek sê is dat vir elkeen wat n pos beklee het soortgelyk aan dié wat hulle het, behoort n mens eerlik te wees. Dus as n mens dinge aangevang het wat nie eerlik is nie, dan is die persoon nie bevoeg vir daardie pos nie.

Dus dit impliseer dan dat die mense wat daar was, was nie eerlik nie? -- Waar?

Die raadslede? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Dit is ook wat jy vir jou gehoor gesê het? -- Nee. (10)

Dan verstaan ek jou nie. Jy bedoel n ding, jy bedoel hierdie mense is oneerlik, jy praat met die gehoor, maar jy sê nie vir die gehoor hulle is oneerlik nie. Nou wat sê jy dan vir die gehoor? -- Nee, dit was n antwoord op die Bank se vraag dat die mense nie eerlik was nie, dat ek gesê het hulle was nie.

Nou maar goed, dit is die antwoord wat jy vir die Bank gegee het, maar dit was jou geloof wat jy gehad het wat jy vir die Bank gegee het. Nou vra ek vir jou, as dit jou geloof was dat hierdie mense is oneerlik, wat presies het jy vir (20) die gehoor gesê omtrent hierdie mense se eerlikheid of oneerlikheid en hierdie mense verwysende na die Raad? -- Ek het niks daaromtrent aan die gehoor gesê nie. Dit wil sê die eerlikheid of oneerlikheid van die raadslede nie. Wat ons daarmee te doene gehad het, was die huur.

Wat het jy dan gepraat omtrent die onbillikheid van die raadslede teenoor die inwoners? Wat het jy op daardie vergadering gesê daaromtrent? Dat ons dit dan net presies kry? -- Dit was na aanleiding van die volgende opmerking wat gemaak is by hierdie vergadering, naamlik wat het geword (30)

van/...

van die besighede, dit wil sê die drankwinkels en die biersale. Is dit oorgegee aan die Stadsraad of het die raadslede dit vir hulle self verkry. Na aanleiding van daardie vraag het ek dus geantwoord.

Ek het nie vir jou gevra na aanleiding waarvan jy geantwoord het nie. Ek het vir jou gevra wat was jou woorde gewees? -- Ek het hier verduidelik wat my woorde was.

Kan jy net vir my een ding sê, die vraag omtrent die drankwinkels was dit te berde gebring op hierdie vergadering of op die vergadering van 12 Augustus 1984? -- By die ver-(10)gadering van die 12de was hierdie vraag ook gevra gewees en as ek reg is ook by die vergadering van die 19de. Ek sal u sê daar is hierdie gewoonte van mense om dinge te herhaal.

Ek wil dit aan jou pertinent stel jy het nie net op hierdie vergadering van die 19de vrae gestel nie, maar jy het 'n toespraak gemaak op daardie vergadering.

MR BIZOS : He did not say that he asked questions.

MNR. JACOBS : Dat hy nie net geantwoord het op vrae nie, ekskuus, ek het dit dan net verkeerd om gestel. Nie net geantwoord het op vrae op die vergadering nie, maar jy het (20) 'n volledige toespraak gelewer.

HOF : Op die 19de?

MNR. JACOBS : Op die 19de se vergadering? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het geen toespraak gelewer daar nie. Ek het net in antwoord op vrae iets te sê gehad net soos enigeen daar teenwoordig wat die reg gehad het om vrae te antwoord wat gevra is.

En ek wil dit aan jou stel, jy het in jou toespraak ook 'n direkte aanval geloods teen die raadslede en hulle van on-eerlikheid beskuldig en dit is die boodskap wat jy wou (30) gehad/....

gehad het die mense wat daar luister moet goed hoor en aanvaar?
-- Nee, dit is nie die waarheid nie. Daar was 'n polisiebeampte
daar teenwoordig, naamlik mnr. Mokgema. Indien dit die geval
is, sou hy my gearresteer het.

Op hierdie vergadering van die 19de Augustus 1984, is
dit gesê dat in sommige gebiede is huur opgeskort weens die
reaksie van die inwoners in die gebiede? --Ja, ek onthou
dit.

En was dit verder daar toe bygevoeg as die mense op hierdie
vergadering van julle van die 19de nie gaan objekteer nie, (10)
sal die huur bly staan? -- Die huur sal voortgaan, dit wil
sê die verhoging op huur sal voortgaan as hulle nie verenig
nie.

HOF : Wat beteken dit? Wat beteken verenig? -- Wat my betref
beteken dit dat die mense moet saamstaan aangaande die resolu-
sies wat geneem is.

Met ander woorde, hulle moet by die resolusies bly? --
Ja, dat hulle by die resolusies moet bly.

MNR. JACOBS : Sê jy dan dat hierdie verdere deel is nie gesê
op daardie vergadering nie, naamlik dat as die mense op die (20)
vergadering nie objekteer nie, sal die huur bly staan? -- Wat
ek verstaan daar gesê is, is dat as die mense in staat gaan
wees om te verenig en samesprekings uit te voer, dan staan
hulle 'n kans om daarin te slaag.

Verstaan ek reg, as hulle saamstaan moet hulle net praat
en dan gaan die huur sommer vanself reg kom en dit gaan nie
ingevoer word nie? -- Nee, dan moet hulle, na hulle met
mekaar gesprekke uitgevoer het, ook dan reël vir afsprake om
verdere gesprekke uit te voer met die owerhede om dit reg te
kry. (30)

Stem/...

Stem jy saam dat die kwessie van die vereniging was gebruik in die konteks dan as verenigde front het hulle mag, dit is 'n magsfront? -- Ek sien dit nie as 'n goeie ding om te doen dat mense nou moet verenig om iets te gaan doen wat onwettig is nie. Ek sien dit as 'n goeie doel as mense verenig met die oog op oplossing van 'n bestaande probleem.

En sal jy saam met my stem dat al hierdie vergaderings, die een van die 19de Augustus 1984 asook van die 12de, die 26ste en die 2de, is almal deel van 'n opset om die mense te verkry om te verenig om 'n magsblok te vorm? -- Nee, ek het (10) alreeds gister 'n verduideliking gegee en ook in my getuienis om watter rede hierdie vergaderings gehou was.

Maar ek stel dit aan jou dat een van die redes was om die mense sover te kry dat hulle verenig in een magsblok? -- Ja, 'n blok in die sin van 'n ding wat reg is wat gedoen word. Nie op die manier waarop u dit nou stel nie.

Watter manier stel ek dit? Sê jy nou vir my? -- Ek verstaan u stelling as u praat van 'n massa, 'n massa van mense en die melding van raadslede, beteken dat u sê dat daar 'n vereniging moet vorm in 'n blok ten opsigte daarvan. (20)

Ek het nie eers, as ek reg onthou, die woord raadslede gebruik nie. -- Nee, nee, dit is nie wat ek sê nie. Dit is na aanleiding van die manier van vrae wat u gevra het whereby die raadslede betrokke is by hierdie vrae dat ek dit nou bybring by hierdie vraag.

Kan jy vir die Hof sê op hierdie vergadering van 19 Augustus was daar 'n beroep gedoen op die mense wat daardie vergadering bygewoon het dat hulle moet verenig? -- Nee, wat ek gehoor het is dat die mense bymekaar sal moet kom en gesprekke voer met die raadslede. (30)

Was/...

Was dit daar op hierdie vergadering gemeld enigsins dat as die mense verenig is, dan het hulle mag? -- Ek kan dit nie onthou nie.

Wie is die persoon wat op hierdie vergadering gesê het dat die huur in ander gebiede opgeskort is weensreaksie van die inwoners? -- Nee, ek is nou verlore. Watter vergadering is dit nou? Dit lyk vir my ek is nou verlore.

19 Augustus 1984? -- Ek kan nie onthou nie.

Ek wil dit aan jou stel, die bewering is dat dit beskuldigde nr. 16 is wat hierdie dinge gesê het? -- Ek sê ek onthou(10 nie wie dit is wat dit gesê het nie.

Kan jy dan onthou die persoon wat dit gesê het wat jy nie kan onthou nie, het hy gesê wat se reaksie het die inwoners in ander gebiede gehad? -- Ek kan nie so goed onthou nie.

Kan jy onthou of hy name genoem het van ander gebiede? Het hy gesê watter gebiede verwys hy na? -- Ek onthou nie.

Is ek dan reg om te sê dat eintlik is jou geheue van wat werklik op die vergadering gesê is maar baie swak? -- Ek stem nie saam met u nie, want ek het baie dinge hier onthou en vir die Hof vertel wat dit is wat ek onthou. (20)

En ek wil dit aan jou stel verder dat volgens BEWYSSTUK AAQ6 paragraaf 8 daarvan is dit beskuldigde nr. 16 wat hierdie stelling gemaak is dat die huur opgeskort is op ander plekke weens die reaksie van die mense en dat hy daar bygevoeg het dat die mense op daardie vergaderings en julle moet objekteer anders sal die huur bly staan?

HOF : AAQ6 is die berig in die Rand Daily Mail van 21 Augustus 1984. Wil u dit sien? -- Ja, as dit moonlik is. Watter paragraaf is dit?

Paragraaf 8. -- Ja, ek sien dit. Maar hierso praat(30) hulle/...

hulle net van sekere areas. Daar word geen melding gemaak watter dit is waarvan gepraat word nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K776

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ek wil dit aan jou stel dat hierdie woorde van beskuldigde nr. 16 is 'n direkte uitlokking en aanstigting van die gehoor op daardie vergadering om tot aksie oor te gaan? -- Nee, ek stem nie saam met die stelling nie. (10)

En ek wil dit aan jou stel dat jy as persoon in beheer het niks gedoen op daardie vergadering om hom te keer en gesê hy moet dit nie aan die mense sê nie? -- Daar was nie vir my 'n rede gewees om hom te keer nie, want hy het niks verkeerd gesê nie.

En ek wil dit ook aan jou stel dat die mense op daardie vergadering was kwaad gewees? -- Dit is nie die waarheid nie. Wat ek gesê het was, hulle was net nie tevrede met wat gebeur het daar nie.

As jy kyk na BEWYSSTUK AAQ7. (20)

HOF : Vir rekorddoeleindes, dit is die Sowetan van 21 Augustus 1984.

MNR. JACOBS : As u kyk na die opskrif van hierdie berig dan sê dit daarso "Rent Anger in Sharpeville" en dan gaan dit voort en in paragraaf 1 daarvan word dan gesê "More than fifteen hundred angry Sharpeville residents have resolved not to pay new house rent and service charges, increases to be introduced by the Lekoa Town Council as from September, 1. The resolution was taken at an emotion charged meeting held at St Cyprian Church at the weekend when residents also (30) called/...

called for the boycott of shops and other concerns owned by the councillors whom they asked to resign." Sal jy saam met my stem, dit was dikwels gestel deur mnr. Bizos hier dat dit is die werklikheid wat gebeur het by hierdie vergadering en dat dit notas is wat gemaak is baie kort of omtrent gelyktydig met die vergadering en dat dit die waarheid is?

HOF : Hoekom vra u die getuie of hy saamstem? Hoekom maak u die hek oop vir 'n klomp argumente tussen u en die getuie oor irrelevantheid? Sê vir hom mnr. Bizos het gesê hierdie feite is korrek en dan gaan u aan met u volgende vraag. (10)

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan u mnr. Bizos het gesê hierdie feite is korrek.

HOF : En dan gaan u aan met die volgende stelling, want ek wil nie kommentaar op hierdie stelling hê nie. Wat is nou u vraag?

MNR. JACOBS : My vraag is, verander hy sy getuienis of betwis hy dit? -- Ek hou vol met my getuienis.

En is hierdie 'n verkeerde weergawe? -- Ek sê nie die hele verslag is verkeerd nie, maar die gebruik van die woorde dat die mense daar kwaad was en dat die "emotion" van die (20) mense dit regverdig het. Dit is die gebruik van die woord "emotion" en die gebruik van die woord "angry" waarmee ek nie saamstem nie.

En ek stel dit aan jou hierdie mense se woede het opgegaan as gevolg van die toesprake wat daar gelewer was deur die leiers van verskeie organisasies wat op daardie vergadering gepraat het? -- Ek stem nie saam met u nie. Geen leier van verskillende organisasies was daar teenwoordig nie.

As u kyk na paragraaf 4 van daardie berig waar dit gestel word "Several leaders from various political and civic (30) associations/...

associations including the United Democratic Front, AZAPO, Azanian National Youth Unity, Soweto Civic Association and the Trade Unions launched the scathing attack on the councillors or for increasing the rents"? -- Ek stem nie saam met u stelling nie, want ek het alreeds gesê daar was nie verteenwoordigers van organisasies hier teenwoordig nie.

Ek wil dit aan jou stel jy is verkeerd daarso. Daar was verteenwoordigers op daardie vergadering wat gepraat het op daardie vergadering van AZAPO. Daar was 'n verteenwoordiger van AZANYU. Daar was 'n verteenwoordiger van Soweto Civic (10) Association en Committee of Ten. -- Dit is nie die waarheid nie. AZAPO was nie verteenwoordig nie. Ons het nie 'n verteenwoordiger gaan vra nie. Dit was nie nodig nie, want hierdie was nie 'n vergadering van organisasies nie. Dit was 'n bekende feit dat Oupa die voorsitter was van die Vaal se AZAPO tak en hy was nie daar gewees as 'n verteenwoordiger van sy organisasie nie. AZANYU was ook nie genooi gewees nie en niemand het hierdie organisasie genooi nie. Ek het hier vir die Hof gesê waarom Tom Manthata hier kom praat het en ek het alreeds gesê daar was niemand van die UDF hier teen-(20) woordig nie.

Kan jy vir die Hof vertel hoekom was mnr. Tom Manthata dan voorgestel as 'n verteenwoordiger, as 'n persoon wat 'n lid is van Soweto Civic Association en Committee of Ten? Hoekom was beskuldigde nr. 2 voorgestel as 'n persoon, die president van AZAPO Vaal en hoekom was beskuldigde nr. 3 aan hierdie gehoor voorgestel as 'n persoon vanaf AZANYU, Soweto? -- Ek het hier verduidelik onder watter omstandighede Tom Manthata daar gekom het as gevolg van sy ondervinding. Al behoort hy aan hierdie organisasies soos genoem, Sowet Civic (30) Association/...

Association en Committee of Ten, was hy nie daar gewees om dit te kom verteenwoordig nie.

HOF : Ons vra nie dit nie. Die aanklaer vra vir u waarom is hy so voorgestel? -- Dit is omdat daar sulke kennis was.

Moes die indruk geskep word deur die mense so voor te stel dat al hierdie magtige organisasies saam met julle staan? -- Nee.

MNR. JACOBS : Jy het nog nie geantwoord ten opsigte van beskuldigdes nrs. 1 en 2 nie. Hoekom moes hulle so voorgestel word van daardie organisasies? -- Wat Oupa betref, al wat (10) gesê was was dat hy 'n lid is van AZAPO en wat sy amp is in AZAPO was nie genoem nie. AZANYU, die persoon het sommer daar te voorskyn gekom, 'n versoek gerig dat hy iets wou gesê het. Die persoon was nie daar gewees om 'n organisasie te verteenwoordig nie. Hy was net voorgestelas 'n lid van AZANYU, nie dat hy daar was om die organisasie AZANYU te verteenwoordig nie. Nie dat hy 'n lid is nie, maar wat gesê is daar hy is van AZANYU.

HOF : Kan ek net iets vra na aanleiding van die berig in die Soweta. Is daar ooit op die vergadering gesê dat dit (20) 'n bloot kerklike komitee, 'n ad hoc komitee van die kerkraad dat u die vergadering belê het? -- Nee, dit was nie spesifiek genoem nie, maar daar om en by die einde in antwoord op wat Botha gesê het, is dit duidelik gemaak dat die vergadering daar belê was deur wie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit nou die vergadering van die 19de? -- Ja.

HOF : Hoe het dit nou ter sprake gekom wie die vergadering belê het toe Botha praat? -- Na aanleiding van wat Botha gesê het, het Oupa daarop geantwoord en ek het ook daarop (30) geantwoord/...

geantwoord. Ten einde ten volle te antwoord op dit wat Botha gesê het, het ek melding gemaak daarvan hoe dit gekom het dat die vergadering belê is en deur wie.

MNR. JACOBS : Ek wil net een ding duidelik kry. Jy sê wat Botha gesê het. Het Botha gepraat op die vergadering of het hy net 'n vraag gevra? -- Dit was 'n vraag gewees.

Kom ons gaan aan met hierdie berig in hierdie koerant. Dan is hierdie sin "Several leaders from various political and civic associations" wat aan hierdie vergadering deelgeneem het wat hier genoem word, is 'n onwaarheid wat hier (10) gestel word? -- Ja, daardie gedeelte is nie die waarheid nie.

En die ander deel van hierdie selfde paragraaf dat hierdie leiers van hierdie organisasies 'n striemende aanval geloods het, "launched a scathing attack on the councillors for increasing the rent. Wat sê jy daaromtrent? -- Dit is nie korrek nie. So iets het nie daar plaasgevind dat daar raadslede aangeval was nie.

HOF : Die verwysing na die "trade unions" waarna kan dit verwys? Was daar mense wat aan die vakunies behoort het, leiers van 'n vakunie? -- Ek weet nie wat hy daarby bedoel (20) het in hierdie verslag nie. Wat ek van van weet is dat Hlubi en Myeza is in diens van die vakunie.

Is hulle leiers? -- Hulle is werknemers van die vakunie.

Dit het u gesê, maar sou hulle beskryf as leiers, leiers uit die geledere dan van die vakunie? -- Nee.

MNR. JACOBS : Is jou getuienis dan dat ook hierdie deel van hierdie berig is heeltemal nie die waarheid nie? -- Ja, dit is nie die waarheid nie.

Die stelling in paragraaf 8 daar, die laaste paragraaf "The increase in rents will be a heavy blow to them, he said. (30

We/...

We are being robbed of our rights." Sê jy ook dit is nie gesê nie?

HOF : U sal sien dat dit verwys in paragraaf 7 na "AZANYU's Patrick Baleka." -- Ek stem nie saam met hierdie verslag daar nie. Dit is nie die waarheid nie. Wat ek sê is, hierdie tipe woorde is die taalgebruik van die koerantverslaggewers wat hulle gebruik as vangwoorde vir die mense om belang te stel in die inhoud van wat bevat word in die verslag.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is 'n geweldige aanklag teen die koerant en sy betrokke beriggewers. (10)

HOF : Met ander woorde, wat u sê is dat hy 'n lekker ou lieg-storie skryf sodat die mense die koerant sal lees? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie.

Nou wat sê u dan? -- Byvoorbeeld as daar nou 'n wedstryd is van sokkerspanne. Dan skryf die mense as die hoof van daardie verslag wat hulle maak "Kaizer Chiefs declared war against Sundowns." Dit beteken nie dat die mense baklei het nie. (Getuie se stem het skielik hees geword)

So, beteken dit 'n mens moet 'n koerantberig altyd met 'n knippie sout of meer neem? -- Nee, nie op daardie manier (20) nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel - kan jy voortgaan? -- Dalk sal ek regkom, ek weet nie.

HOF : U kan maar baie sag praat. Die tolk sal u hoor en dan oortolk.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat op hierdie vergadering het jy, beskuldigde nr. 16, beskuldigde nr. 1 en beskuldigde nr. 2 wel ernstige aantygings en aanvalle geloods teen die raadslede as sulks? -- Dit is nie die waarheid nie.

En ek wil dit aan jou stel dat beskuldigde nr. 16 het (30)

op/...

op daardie vergadering die gehoor aangelok en aangestig tot geweldpleging teenoor raadslede? -- Dit is nie die waarheid nie.

En dat beskuldigdes nrs. 1 en 2, toe hulle gepraat het, het hulle gesê hulle stem saam met wat beskuldigde nr. 16 daar gesê het op die vergadering? -- Nee, ek stem nie saam nie. h Persoon sal nie saam met h verkeerde ding stem nie en tweedens, beskuldigde nr. 2 het h gemiddelde voorstel gemaak dat daar nie gekoop moet word nie. Wat h voorstel was om h aanduiding te gee dat hy wil hê die gehoor moet(10) verstaan wat hy sê.

Is dit so dat beide beskuldigdes nrs. 1 en 2 het op die vergadering gesê "Ons stem saam met wat beskuldigde nr. 16 hier aan die gehoor oorgedra het"? -- Wat ek van weet is dat Oupa, beskuldigde nr. 2, het gesê hy stem saam met wat deur beskuldigde nr. 16 gesê is.

En beskuldigde nr. 1? -- Ek kan nie onthou dat beskuldigde nr. 1 wel so gesê het nie.

Jy kan ook nie betwis dat hy gesê het hy stem saam met wat beskuldigde nr. 16 gesê het nie? -- Ja, want Tom het (20) goeie dinge gesê.

En ek wil dit aan jou stel dat hulle het ook dan met hulle saamstem hulle ook vereenselwig en ook die gehoor daar aangemoedig om geweld te pleeg teenoor raadslede?-- Nee, dit is nie so nie.

En Nozipo - ek stel dit aan jou dat Nozipo Myeza het op hierdie vergadering gepraat en sy het ook geweld aangemoedig en gesê dat geweld gepleeg sal word teenoor enige mense wat nie die boikot van die raadslede se besighede sou ondersteun nie? -- Nozipo het nie by hierdie vergadering gepraat nie.(30)

Sy/...

Sy het glad niks gesê nie. Ek het hier getuig wie daar gepraat het en sy het niks te sê gehad oor dit wat die Staat aan my stel nie.

En ek wil net een ander aspek vir jou vra, kan u vir die Hof sê kort na hierdie vergadering gehou was, het u die koerantberig, BEWYSSTUK AAQ7 gelees? -- Hierdie verslag was al bekend gewees die Dinsdag.

HOF : Het u dit gelees Dinsdag? -- Ja.

MNR. JACOBS : En toe u dit gelees het het u gesien hier is 'n hele klomp leuens in hierdie verslag, onwaarhede wat (10) daarin verskyn? -- Dit is eintlik nie so nie. Ek het hier gesê hierdie verslag "the report is substantially correct."

Laat ons nou nie met woorde speel nie. Jy het nou hier vir die Hof vertel, toe ek hierdie verslag aan jou gestel het, hier is 'n hele klomp dinge hier gesê in hierdie koerant wat die onwaarheid is. -- Ja, daar is wel ook baie feite hier wat toon dat daar 'n vergadering was.

Toe jy nou sien die koerantberig bevat ernstige en ek stel dit aan jou ernstige onwaarhede volgens jou weergawe, het jy toe nie die koerant gekontak en gesê "Maar kyk, dit (20) is nie wat daar gebeur het op hierdie vergadering nie, dit is onwaarhede, julle moet dit regstel" nie? -- Nee, al wat ek na gekyk het was die inhoud van die verslag in die sin dat wat daar bekend gemaak word is korrek.

Maar jy sien mos nou dit is nie alles korrek nie. -- As ek reg is, het ek alreeds daardie vraag geantwoord deur te sê daar is wel baie dinge wat korrek is in hierdie verslag.

HOF : Is u houding dat as 51% van 'n verslag korrek is, dan is dit "substantially correct"? -- Nee, ek het dit nie oorweeg volgens die persentasie nie. (30)

Maar/...

Maar is u houding nie dat hier baie dinge in die verslag is wat verkeerd is nie? -- Nee, daar is nie baie dinge wat verkeerd is nie.

MNR. JACOBS : Ken jy mnr. Joshua Raboroka? -- Ja, ek ken hom.

Weet jy waar hy woon? -- Ek het die kennis van die area waar hy woon.

In watter area woon hy?-- Sebokeng.

Het hy die vergadering van 26 Augustus 1984 weer bygewoon? -- Ek kan nie so mooi onthou nie.

Was daar verslaggewers op 26 Augustus 1984 se vergadering? -- Ja.

Maar jy kan nie onthou wie nie? -- Wat ek wel van weet is dat daar was twee koerantverslaggewers daar. Ek is seker van een. Van die ander een is ek nie seker nie.

Het dit jou nie gepla dat hierdie koerant gelees word in Sebokeng en as 'n man wat so vir vrede staan en 'n Christen is, dat hier gesê word dat daar so 'n ernstige aanval geloods was teen die raadslede omdat hulle die huur verhoog het nie? -- Daar was nie 'n aanval gewees nie. Daar was niks wat my moes gepla het nie. (20)

Het dit jou nie gepla dat dit is wat die mense gaan lees in Sharpeville en orals in die Vaal nie, dat daar so 'n storie daar vertel word nie? -- Nee, wat is verkeerd hier? Daar is niks verkeerd met hierdie verslag hier nie.

Sê jy dit is reg daar wat daar staan in die verslag? Mense kan dit maar so lees? -- Nee, wat ek sê is, as 'n mens na hierdie verslag kyk, is dit aanvaarbaar, behalwe vir die klein dingetjies wat ek al hier uitgewys is.

Ek het nie gevra of dit aanvaarbaar is nie. Ek sê het dit jou as Christen nie gepla nie, jou as vredemaker (30)

nie/...

nie gepla dat dit die beeld is wat die mense nou kry nie? --
Ek verstaan nie wat u wil hê nie. Ek is 'n Christen, ja en as
daar niks is hier byvoorbeeld, as die taal wat hier gebruik
word nie 'n vloektaal is nie en as daar geen melding gemaak
word van doodmaak nie, dan is daar niks wat my pla in hierdie
verslag nie.

HOF : Ook nie as die verslag nie die waarheid is nie? --
Ek sê ek aanvaar hierdie verslag omdat die agtergrond hiervan
gebaseer is op die waarheid.

MNR. JACOBS : Wanneer het jy die eerste keer kennis gekry (10)
of het dit tot jou bewussyn gekom dat daar op 3 September 'n
opmars gaan wees en 'n wegbly-aksie? -- Dit het ek nie gelyk-
tydig van bewus geword nie. Ek het vir die eerste keer bewus
geword van die moontlikheid van die wegbly-aksie toe ek deur
Steyn laat roep is na sy kantoor toe aangaande die wegbly-
aksie. Dit is nou majoor Steyn van die veiligheidspolisie
te Vereeniging. Hy het dit aan my gesê. Eintlik het hy dit
nie positief gestel nie. Hy het gesê daar is praatjies daarvan,
dit wil sê dat daar 'n moontlikheid is van die wegbly-aksie.
Wat die optog betref het ek glad nie daarvan gehoor nie. (20)

HOF : Nooit ooit nie? -- Ek het wel daarvan gehoor dat daar
'n wegbly-aksie gaan wees, maar wat die optog betref kan ek
net nie sê nie. Ek is nie seker nie. Daar was wel praatjies
gewees van die wegbly-aksie wat ek vanaf die mense ook gehoor
het, maar wat betref die optog is ek nie seker nie.

Nie seker of u glad nie daarvan gehoor het tot 3 September
nie? -- Ek sê ek is nie seker of ek ooit daarvan gehoor het
nie. Dus kan ek nie daaromtrent getuig nie.

MNR. JACOBS : Jy het nou ook gemeld dat jy ook van mense
gehoor het van die wegbly-aksie. Waar het jy dit van (30)

mense/...

mense gehoor? -- Nadat ek by majoor Steyn was, het ek daarvan gehoor.

Kan jy vir ons sê wanneer was dit? Voor of - kom ons vra dit net so. Is dit reg dat jy was as ek reg is die 29ste by mnr. Steyn, 29 Augustus 1984? -- Nee.

Wanneer was dit, kan jy net vir my sê, ek mag 'n fout maak? -- Op 31 Augustus.

Op 31 Augustus en eers daarna het jy van ander mense gehoor van die wegbly-aksie? -- Ja.

Wanneer was dit wat jy dit daarna gehoor het en by (10) watter geleentheid? -- In die loop van daardie Vrydag, in die namiddag.

Dieselfde dag as wat jy dit van mnr. Steyn gehoor het? -- Ja.

En na dit het jy weer gehoor van die wegbly-aksie voor die 3de? -- Ek het gesê Nana het iets gesê by die vergadering.

Voor dit daar in die woongebiede in Sharpeville self ook, het die mense nie daar algemeen gepraat voor die 31ste al van hierdie wegbly-aksie nie? -- Die Vaal is 'n groot area. So, ek sal nie alles kan weet wat gebeur in die hele area(20) nie.

Wat van Sharpeville? Waar jy woon, waar jou huis is, waar jou kerk is? -- Ek het alreeds aan u gesê wanneer vir die eerste keer ek daarvan gehoor het.

Was dit nie algemeen daar bespreek voor daardie datum onder die mense nie? -- Ek weet nie. Ek vertel u waarvan ek weet.

Was die optog, die opmars na Houtkop nie algemeen bespreek oor daardie tydperk tussen 26 Augustus tot 31 Augustus 1984 nie? -- Tot en met 2 September weet ek niks daarvan (30)

dat/...

dat daar ooit melding gemaak was deur ons of iemand met betrekking tot die optog nie. Selfs die wegbly-aksie was nooit bespreek gewees nie. Ek het aan u gesê nou wanneer vir die eerste keer het ek dit te hore gekom.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 19 JUNIE 1987.